# IMPLIKASIES VAN DIE BEDANKING VAN TRUSTEES


**FC FOUCHÉ**

**20486987**


**Skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad *Magister Legum* (Boedelreg) aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit**

**Modules reeds geslaag:**

**LLMS 873 (Navorsingsmetodologie)**

**LLMB 874 (Belastingreg)**

**LLMB 875 (Boedelbeplanning)**

**LLMB 876 (Sakereg en eiendomswetgewing)**

**LLMB 877 (Huweliksreg)**

**LLMB 878 (Erfreg)**

| | |
|---|---|
| **Studieleier:** | **Dr JP Coetzee** |
| **Hulpstudieleier:** | **Prof W du Plessis** |

**November 2008**

**Dankbetuigings:**

By die voltooiing van hierdie skripsie rig ek graag 'n besonderse woord van dank aan:

My Hemelse Vader vir Sy groot genade.

My vrou Alma vir haar bystand, ondersteuning, motivering en geduld met my tydens hierdie projek.

My studieleier, dr JP Coetzee, vir sy hulp en leiding.

My kollega en vriend, Dolf Schutte, vir sy insette en motivering.

## Opsomming

In 'n onlangse uitspraak in die Vrystaatse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika het die effektiewe datum van die bedanking van trustees en die beëindiging van hul verpligtinge ter sprake gekom. Die hof het in die uitspraak die standpunt ingeneem dat 'n trustee se verpligtinge eers beëindig word wanneer sy naam deur die Meester van die Hooggeregshof van die magtigingsbrief verwyder word. Die uitspraak het talle vrae oor die implikasies van die bedanking van trustees laat ontstaan.

Hierdie uitspraak en die heersende regsposisie van die bedankende trustee word in hierdie skripsie ondersoek. Dit blyk dat die posisie van die bedankende trustee tans onseker is en dat die uitspraak nie sonder voorbehoud as korrek aanvaar kan word nie. Die Meester van die Hooggeregshof se rol en verantwoordelikhede in die proses word ook ondersoek. Die regsposisie van die bedankende trustee, die oorblywende trustees en derde partye wat met die trust wil kontrakteer, word *ondersoek en sekere bevindings en aanbevelings met* betrekking tot *hierdie* aspek die Suid-Afrikaanse trustreg, word gemaak.



**TREFWOORDE:** Trust, Trustee, trustakte, bedanking van trustee, beëindiging van trustverpligtinge, magtigingsbrief, Meester van die Hooggeregshof, Wet op die Beheer op Trustgoed, *Turquand*-reël

**Abstract**

In a recent judgment by the Free State Provincial Division of the High Court of South Africa it was decided that a trustee who resigns is only relieved from his duties when his name is removed from the letter of authority by the Master of the High Court. This judgment has caused many questions to be raised regarding the implications of the resignation by a trustee.

This judgment and the current legal position of the resigning trustee are investigated in this dissertation. The legal position of the resigning trustee seems to be uncertain, and the mentioned judgment should not be unreservedly accepted as correct. The role and responsibility of the Master of the High Court in this process is considered, as well as the legal position of the resigning trustee, the remaining trustees and third parties contracting with the trust. Certain conclusions are drawn and recommendations are made regarding this aspect of South African trust law.

**KEY WORDS:** Trust, Trustee, trust deed, resignation by trustee, termination of trustee responsibilities, letters of authority, Master of the High Court, Trust Property Control Act, *Turquand*-rule

Inhoudsopgawe:


**1 Inleiding** 6

**2 Bedanking van trustees** 9

*2.1 Gemeenregtelike posisie* 9

*2.2 Vereistes in terme van die Wet op die Beheer op Trustgoed 57 van 1988* 10

*2.3 Rol wat die trustbepalings van die betrokke trust speel* 11

*2.4 'n Vergelyking van die posisie van 'n trustee wat bedank met 'n eksekuteur van 'n boedel* 16

*2.5 'n Vergelyking van 'n trustee wat bedank met 'n trustee wat in die amp aangestel word* 17

*2.6 Aanbevelings deur skrywers* 24

*2.7 Praktyk* 28

*2.8 Gevolgtrekking wat die effektiewe datum van die bedanking van trustees betref* 30

**3 Die effek van bedanking van 'n trustee op oorblywende trustees waar 'n nuwe magtigingsbrief nog nie uitgereik is nie** 33

*3.1 Gemeenregtelike posisie* 34

*3.2 Algemene reël dat trustees altyd gesamentlik moet optree* 38

*3.2.1 Landbank v Parker*

*3.2.2 Thorpe v Trittenwein*

*3.3 Meester se bevoegdhede in terme van die Wet* 46

**4 Effek van die bedanking van 'n trustee op derde partye wat met die trust kontrakteer waar 'n nuwe magtigingsbrief nog nie uitgereik is nie** 49

| | | |
|---|---|---|
| *4.1* | *Wetgewing* | 49 |
| *4.2* | *Gemeenregtelike posisie* | 50 |
| *4.3* | *Moontlike toepassing van die* Turquand-*reël* | 53 |
| *4.4* | *Ander aspekte* | 58 |
| **5** | **Samevatting en Gevolgtrekking** | 60 |
| **6** | **Bibliografie** | 65 |

## 1 Inleiding

Die trust in die Suid-Afrikaanse reg het in die onlangse verlede onder die vergrootglas gekom.[1]

In verskeie rigtinggewende uitsprake deur die Suid-Afrikaanse howe is die trust as regsfiguur ondersoek en die trustreg uitgebrei. Die howe het byvoorbeeld beslis dat die handelinge van 'n trustee alvorens hy[*] deur die Meester van die Hooggeregshof[2] gemagtig is om op te tree, *ab initio* nietig is en nie geratifiseer kan word nie, dat daar 'n duidelike onderskeid tussen die beheer oor trustbates en die gebruik en genieting daarvan moet bestaan en dat trustees by gebreke aan 'n magtigende bepaling in die trustakte altyd gesamentlik moet optree.[3] In sommige gevalle is daar egter net oppervlakkig na sekere aspekte van die trustreg verwys. Dit het 'n mate van onsekerheid by regslui, staatsorgane en instellings wat gemoeid is met trusts, trustees en begunstigdes van trusts en die algemene publiek wat in die normale handelsverkeer met trusts te doen het, meegebring.[4]

---

[1] Sien die bespreking van die volgende sake wat hierna volg: *Land and Agricultural Bank of South Africa v Parker* (sien 3.2.1); *Nieuwoudt & Another NNO v Vrystaat Mielies (Edms) Bpk* (sien 4.3); *Man Truck & Bus (SA) Ltd. v Victor & Andere* (sien 4.3); *Kriel v Terblanche NO en Andere* (sien 2.5); *Standard Bank of South Africa Ltd. v Koekemoer and Others* (sien 4.4); *Soekoe N.O. and others v Werner Le Roux* (sien 2.3).

[*] In hierdie skripsie word manlike vorme ("hy" en "hom") inklusief gebruik om ook vroulike vorme ("sy" en "haar") in te sluit.

[2] Hierna genoem "die Meester".

[3] *Land and Agricultural Bank of South Africa v Parker* 2005 2 SA 77 (SCA); *Soekoe N.O. and others v Werner Le Roux* Saak Nr: 898/2007 (O); *Simplex (Pty) Ltd v Van der Merwe and Other NNO* 1996 1 SA 111 (W); *Van der Merwe v Van der Merwe* 2000 2 SA 519 (C).

[4] *Soekoe N.O. and others v Werner Le Roux* Saak Nr: 898/2007 (O); *Badenhorst v Badenhorst* 2006 2 SA 255 (HHA); *Jordaan v Jordaan* 2001 3 SA 288 (C); *Man Truck & Bus (SA) Ltd. v Victor & Andere* 2001 (2) SA 562 (NC); *Vrystaat Mielies (Edms) Bpk v Nieuwoudt & 'n Ander NNO* 2003 (2) SA 262 (O).

Een aspek van die trustreg waarna die howe bloot oppervlakkig verwys het, is die regsposisie van die bedankende trustee en die tydstip waarop die trustee wat bedank se verpligtinge beëindig word. In 'n onlangse uitspraak in die Vrystaatse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika, *Soekoe v Le Roux*[5], is bevind dat 'n trustee wat bedank se verpligtinge nie beëindig is alvorens sy naam deur die Meester van die magtigingsbrief[6] verwyder is nie. Dit wil voorkom asof die uitspraak nie op enige gesag gefun deer o f gemotiveer is uit ander bronne van die reg nie.[7]

Die *Wet op die Beheer oor Trustgoed* 57 van 1988,[8] bevat geen uitdruklike bepaling oor wanneer 'n trustee se bedanking van krag word nie. Daar bestaan wel voorskrifte waaraan 'n bedankende trustee moet voldoen.[9] As daar suiwer gekyk word na die bepalings van die wet, is dit onseker wanneer 'n trustee se verantwoordelikhede en verpligtinge eindig as hy uit die trustee amp bedank. Is dit wanneer die Meester kennis kry van sy bedanking soos deur die wet vereis, of wanneer sy naam van die magtigingsbrief verwyder word? Vrae wat dan onmiddellik ontstaan is wat die regsposisie van die bedankende trustee op die verskillende momente hierbo genoem is, en wat die uitwerking daarvan op die oorblywende trustees se handelingsbevoegdheid is? Het die bedankende trustee steeds verantwoordelikhede waarvoor hy aanspreeklik gehou kan word uit hoofde van sy amp, selfs al het hy bedank? Wat is die rol en verantwoordelikheid van die Meester in verband met die bedanking van trustees en die uitreiking van magtigingsbriewe? Die onsekerheid wat hiermee gepaard gaan hou nie net 'n

---

[5] *Soekoe N.O. and others v Wemer Le Roux* Saak Nr: 898/2007 (O). Hierna verwys na as "*Soekoe v Le Roux*". Sien 2.3 hieronder.

[6] Dokument uitgereik deur die Meester in terme van artikel 6(1) van die *Wet op die Beheer op Trustgoed* 57 van 1988 wat die trustees van 'n trust magtig om as sodanig op te tree.

[7] Sien hieroor 2.3.

[8] Hierna genoem "die Wet".

[9] Artikel 21 van die Wet bepaal dat 'n trustee mag bedank deur kennis van sy bedanking aan die Meester en die begunstigdes te gee. Artikel 20(3) van die Wet bepaal dat 'n trustee wat uit die amp verwyder word of bedank, sonder versuim sy skriftelike magtiging aan die Meester moet terug besorg.

risiko vir die betrokke trustees in nie, maar ook vir niksvermoedende derde partye wat met die trust kontrakteer. Die moontlikheid bestaan dat 'n kontrak wat 'n derde party met 'n trust sluit, waar 'n nuwe magtigingsbrief nog nie ná die bedanking van 'n trustee uitgereik is nie, ongeldig kan wees.[10] Die oorblywende trustees se handelingsbevoegdheid kan ook deur sodanige bedanking aan bande gelê word en hulle blootstel aan verskeie risiko's.[11] Daar is verskeie aspekte van die trustreg sowel as die kontraktereg wat hier 'n rol speel en toegelig moet word, ten einde die regsposisie van derde partye, die bedankende trustee en die oorblywende trustees te bepaal.

Soos reeds gemeld, kan die beslissing in *Soekoe v Le Roux* soos later meer in besonderhede sal blyk,[12] nie sonder voorbehoud aanvaar word nie, en selfs al word dit aanvaar, bring die beslissing bepaalde ernstige teoretiese en praktiese gevolge mee wat nie ligtelik opgeneem kan word nie. Die oogmerk van hierdie skripsie is dus om te bepaal op watter stadium 'n trustee se bedanking van krag word en wat die uitwerking van sy bedanking op sy aanspreeklikheid as trustee, die handelingsbevoegdheid van medetrustees, die geldigheid van trusteebesluite, en derde partye wat met die trust kontrakteer is, ten einde tot 'n gevolgtrekking te kom en aanbevelings in dié verband te maak.

Die navorsing berus op 'n literatuurstudie van gesaghebbende skrywers, regspraak, wetgewing, tydskrifartikels, wetenskaplike tydskrifte en internetbronne. In hierdie skripsie word eerstens die tydstip waarop 'n trustee se bedanking effektief word ondersoek, waarna die effek van die bedanking op die

[10] *Land and Agricultural Bank of South Africa v Parker* 2005 2 SA 77 (SCA). Hierna genoem "Landbank v Parker".

[11] *Landbank v Parker*.

[12] Sien hieroor 2.3.

oorblywende trustees, en derde partye bepaal word. Daarna word daar tot 'n gevolgtrekking gekom en aanbevelings word gemaak.[13]

## 2 Bedanking van trustees

Ten einde te bepaal wat die effektiewe datum van bedanking deur 'n trustee is, word die gemeenregtelike posisie, die bepalings van die Wet, die rol wat die trustbepalings van die betrokke trust speel, 'n vergelyking met die posisie van 'n eksekuteur van 'n boedel en dié van 'n trustee wat in die amp aangestel word, onlangse regspraak en die siening van skrywers bespreek.

### *2.1 Gemeenregtelike posisie*

In terme van die gemenereg was 'n trustee nie geregtig daarop om te bedank sonder 'n goeie rede en sonder die toestemming van die hof nie, tensy die trustakte uitdruklik vir die bedanking van trustees voorsiening maak.[14] 'n Bedanking deur 'n trustee waar die trustakte nie uitdruklik vir bedanking voorsiening maak nie, onthef in gevolge van die gemenereg dus nie 'n trustee van sy of haar aanspreeklikheid, alvorens die bedanking deur die hof goedgekeur is nie.[15]

Waar 'n trustee voor die inwerkingtreding van die Wet bedank het, het die bedanking eers van krag geword by die bekragtiging daarvan deur die hof. Dit was ten minste die geval waar die trustakte nie vir die bedanking van trustees voorsiening gemaak het nie. Waar die trustakte voorsiening gemaak het vir die bedanking van die trustee, of waar die trustee die reg om te bedank voorbehou

---

[13] Sien 2.7; 2.8 en 5.

[14] Cameron *Honoré's South African Law of Trusts* 228.

[15] *Boyce NO v Bloem* 1960 3 SA 855 (T) 859.

het by aanvaarding van die trustee se aanstelling, is daar in terme van die gemenereg nie addisionele vereistes, buiten die vereistes wat die trustakte self mag voorskryf, vir die bedanking van 'n trustee gestel nie.[16]

### *2.2 Vereistes in terme van die Wet op die Beheer op Trustgoed 57 van 1988*

Artikel 21 van die Wet bepaal dat 'n trustee *geregtig is om te bedank ongeag* die bepalings van die trustakte. Die artikel bepaal verder dat die trustee mag bedank deur kennis van sy bedanking aan die Meester en die begunstigdes van die trust wat bepaal is, en regsbevoegdheid het, te gee. Waar sodanige begunstigdes minderjarig of onder kuratele is, kan kennis aan die voog of kurator van die begunstigde gegee word.

Artikel 20(3) van die Wet bepaal verder dat, indien 'n trustee wat in terme van artikel 6(1) gemagtig is om op te tree, uit die amp verwyder word of bedank, hy sonder versuim sy skriftelike magtiging aan die Meester moet terug besorg.

Die Wet het dus hoofsaaklik die gemeenregtelike posisie verander deur aan trustees 'n algemene bevoegdheid te *verleen om te bedank ongeag* die bepalings van die trustakte. Die ander bepalings van die Wet wat op die bedanking van trustees betrekking het, bepaal in wese dat daar kennis gegee moet word van die bedanking en dat die trustee die geskrewe magtiging om as trustee op te tree, aan die Meester moet terug besorg. Die Wet bevat geen uitdruklike bepaling wat lig werp op die vraag na wanneer sodanige bedanking van krag word, of die tydstip waarop die trustee van sy verpligtinge en

[16] Cameron *Honoré's South African Law of Trusts* 228-229.

verantwoordelikhede onthef is nie. 'n Afleiding wat moontlik hieruit gemaak kan word, is dat alhoewel die trustee vry is om te bedank, hy nie van alle aanspreeklikheid onthef is alvorens hy aan die voorwaardes en vereistes gestel in die Wet vo ldoen het nie. Daar rus ten minste nog die verpligting op die bedankende trustee om kennis aan die Meester te gee van sy bedanking en die begunstigdes, sowel as om die magtigingsbrief in terme waarvan hy gemagtig is om as trustee op te tree, aan die Meester terug te besorg.

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die trustverhouding waarin die trustee staan, as 'n vertrouensverhouding (oftewel 'n fidusiêre verhouding) beskou word.[17] Hierdie vertrouensplig het later ook statutêr beslag gekry in artikel 9(1) van die Wet, wat soos volg bepaal:

> "n Trustee moet by die nakoming van sy pligte en die uitoefening van sy bevoegdhede met die sorgsaamheid, ywer en kundigheid optree wat redelikerwys verwag kan word van 'n persoon wat die sake van 'n ander hanteer.

Daar kan geargumenteer word dat die trustee ook wanneer hy bedank, steeds met die nodige sorg en omsigtigheid moet optree soos iemand wat na 'n ander se sake omsien. Daaruit kan die siening afgelei word dat die bedankende trustee nog verantwoordelikhede het wat uit hierdie vertrouensverhouding spruit en dat hy nie van sy verantwoordelikhede kan wegstap nie.

### *2.3 Rol wat die trustbepalings van die betrokke trust speel*

Alhoewel die Wet nie verdere vereistes stel as wat reeds hierbo bespreek is nie, moet die bepalings van die trustakte in gedagte gehou word. In wese is 'n *inter vivos* trust 'n ooreenkoms en al die reëls van die kontraktereg is daarop van

[17] Coetzee 'Die regte van trustbegunstigdes – 'n Nuwe wind wat waai' Mei 2007 *De Rebus* 25.

toepassing.[18] Indien die trustakte dus sekere vereistes stel vir die bedanking van 'n trustee, moet dit nagekom word.[19] Waar die trustakte nie voorsiening maak vir die bedanking van 'n trustee nie, het die trustee geen ander keuse as om die prosedure in terme van artikel 21 van die Wet te volg nie.[20]

Dit is 'n interessante vraag of 'n trustee hom uit hierdie vereistes vir bedanking kan uitkontrakteer. Volgens Cameron sal dit waarskynlik moontlik wees vir die trustee om die reg om te bedank voor te hou by die aanvaarding van die amp.[21] Indien 'n trustee so 'n reg voorbehou, stel dit volgens Cameron 'n nie-statutêre bedankingsmetode daar wat buite die bepalings van die Wet uitgeoefen kan word.[22] Dit blyk egter dat daar tot op datum geen hofbeslissings op hierdie punt is nie. Cameron waarsku egter dat die verpligtinge verbonde aan die amp van trustee moontlik die trustee kan noop om die uitoefening van sy reg om te bedank, in sekere omstandighede uit te stel.[23]

Meyerowitz voer aan dat indien 'n trustakte bepaal dat 'n trustee mag bedank deur kennis van bedanking aan sy of haar medetrustees te gee, sodanige bedanking geldig sal wees.[24] Hy voer aan dat artikel 21 van die Wet nie die bepalings van 'n trustakte wat 'n trustee magtig om te bedank uitsluit of ondergeskik aan die wetsbepaling stel nie.[25] Dit dien egter vermeld te word dat in terme van artikel 20(3) die bedankende trustee steeds verplig is om sy magtiging aan die Meester terug te besorg.

---

[18] Pace en Van der Westhuizen *Wills and Trusts* 18.

[19] Cameron *Honoré's South African Law of Trusts* 229.

[20] Pace en Van der Westhuizen *Wills and Trusts* 26.

[21] *Soekoe v Le Roux*.

[22] Cameron *Honoré's South African Law of Trusts* 228.

[23] Cameron *Honoré's South African Law of Trusts* 228.

[24] Meyerowitz *Meyerowitz on Administration of Estates and Estate Duty* 23-21.

[25] Meyerowitz *Meyerowitz on Administration of Estates and Estate Duty* 21-23.

In die saak van *Ex Parte Moodley and Another*[26] het die hof beslis dat die voorskrifte van die trustakte in verband met die vervanging van trustees nagevolg moet word. Die hof het 'n deeglike ondersoek van die bepalings van die trustakte asook die uitleg daarvan gemaak, ten einde te bepaal of die trustees wat op daardie stadium in die amp was, regsgeldiglik aangestel was. Die bepalings van die trustakte moet dus nagekom word.

In *Soekoe v Le Roux* het die vraag na wanneer 'n trustee se verantwoordelikhede en aanspreeklikheid eindig in omstandighede waar hy bedank het, na vore gekom. Rampai R het die volgende gesê oor die ontheffing van die trustee van sy verantwoordelikhede ná sy bedanking:

> I have already found that the respondent's resignation on 10 October 2006 did not legally relieve him of his duties as trustee. He remained legally accountable to his fellow trustees for the entire period until the Master of the High Court officially removed him from the office as a trustee. The respondent's duties did not fall away when he resigned, but when he was replaced with the third applicant. [27]

Die uitspraak kan op twee wyses geïnterpreteer word. Die eerste interpretasie is dat die hof ondubbelsinnig beslis het dat 'n trustee se verantwoordelikhede en verpligtinge nie beëindig word by sy of haar bedanking nie, maar eers wanneer die Meester hom amptelik uit die amp onthef. In praktyk gebeur dit wanneer die Meester 'n nuwe magtigingsbrief uitreik waarin die nuwe trustees gemagtig word om as sulks op te tree. Sover vasgestel kon word, is hierdie die enigste uitspraak wat ná die inwerkingtreding van die Wet gelewer is, waarin daar oor hierdie aspek beslis is.

Dit is e gter o pvallend dat die agbare regter nie na enige gesag verwys ter motivering van sy beslissing soos hierbo aangehaal nie. Daar is ook geen bespreking van ander bronne van die reg in aanloop tot hierdie beslissing nie. Dit

[26] *Ex Parte Moodley and Another* 1968 4 SA 622 (D).

[27] *Soekoe v Le Roux* 30 50.

is dus onmoontlik om uit die uitspraak vas te stel wat die basis vir die beslissing was. Hierdie rigtinggewende uitspraak kan verreikende gevolge hê. Indien die bogenoemde interpretasie korrek is, beteken dit dat die trustee wat bedank, aanspreeklik bly teenoor sy medetrustees totdat die Meester hom amptelik uit die amp onthef.

Dit is egter ook moontlik om 'n ander interpretasie aan hierdie uitspraak te gee. Dit is ook moontlik dat die agbare regter 'n onderskeid getref het tussen die feitelike situasie, met ander woorde die handeling in terme waarvan 'n trustee bedank het, en die gevolge van sodanige bedanking.

Het die regter moontlik bedoel dat die handeling van bedanking voltooi is, maar dat daar nog sekere verpligtinge op die bedankende trustee rus uit hoofde van die amp wat hy beklee het? 'n Ondersoek na die feite van die saak kan dalk lig werp op hierdie vraag.

Die feite van die saak is kortliks dat 'n jong seun ouerloos gelaat is ná 'n motorongeluk waarin sy ouers oorlede is. 'n Trust is deur die seun se grootouers opgerig en hulle is aangestel as trustees saam met die respondent, 'n prokureur praktiserend te Bloemfontein. Die applikante het die administrasie van die trust in die hande van die respondent gelaat. Die verhouding tussen die trustees het oor tyd versleg en 'n paar jaar later het die applikante die respondent versoek om te bedank as gevolg van die vertrouensbreuk tussen hulle. Hulle het die Meester ook van afskrifte van die versoek voorsien.

Die Meester het die respondent versoek om finansiële state in verband met die trust aan hom voor te lê. Die Meester het 'n paar maande later 'n nuwe magtigingsbrief uitgereik in terme waarvan die respondent deur die derde applikant vervang is as medetrustee. Die respondent het deurgaans geweier om finansiële state van die trust, asook bankstate van die trust se bankrekening aan die applikante te oorhandig. Hy het onder andere die verweer geopper dat sy

verpligtinge sover as dit die trust aangaan, beëindig is op die datum wat hy bedank het.

Die hof beslis dat die Meester in terme van artikel 16(1) van die Wet, geregtig is om die trustee te versoek om verslag te doen oor die trust se sake.[28] Die hof beslis verder oor die impak van sy bedanking op hierdie verpligting as volg:[29]

> His responsibility to account did not evaporate when he resigned, but when he was removed from office. His contention to the contrary is also untenable.

Al het die trustee in hierdie geval bedank, is hy steeds nie van al die verantwoordelikhede wat aan die amp van die trustee kleef, onthef nie. Hiervolgens kan die saak ook as gesag dien vir die beginsel dat 'n bedankende trustee, al het hy reeds die handeling verrig om te bedank, ten minste nog aanspreeklik is vir sekere verantwoordelikhede. Een van hierdie verantwoordelikhede is om verslag te doen oor die sake van die trust as hy versoek word om dit te doen. Die trustee het verder die verpligting om sy magtigingsbrief in te handig[30] en hy is ook verplig om sy samewerking te gee om sy opvolger aangestel te kry sodat die trustees met die administrasie van die trust kan voortgaan.

Omdat daar geen regsgronde vir die beslissing in *Soekoe v Le Roux* op die betrokke punt gegee is nie, is die moontlikheid nie uitgesluit dat 'n ander hof tot 'n ander gevolgtrekking kan kom nie. Dit kan in hierdie ondersoek van nut wees om te kyk na wat die posisie van 'n eksekuteur van 'n bestorwe boedel is asook hoe die posisie van die bedankende trustee vergelyk met dié van die trustee wat sy aanstelling aanvaar het. Op watter stadium neem sy verantwoordelikheid 'n aanvang en begin hy aanspreeklikheid opdoen as trustee? Die antwoord hierop

---

[28] *Soekoe v Le Roux* 30 50.

[29] *Soekoe v Le Roux* 18 30.

[30] Artikel 20(3) van die Wet.

kan 'n goeie aanduiding wees van wanneer die trustee se verpligtinge en aanspreeklikheid eindig ten opsigte van sy bedanking.

### *2.4 'n Vergelyking van die posisie van 'n trustee wat bedank met 'n eksekuteur van 'n boedel*

Die Meester word in terme van artikel 54(1)(b) van die *Boedelwet* 66 van 1995, gemagtig om 'n eksekuteur uit sy amp te verwyder indien hy skriftelik by die Meester aansoek doen om hom uit die amp te onthef. 'n Eksekuteur kan ook by die Meester aansoek doen om ontslag indien die boedel afgehandel is.[31] Die eksekuteur moet egter skriftelik aansoek doen om ontslag. Dit gebeur nie outomaties nie.[32]

Wanneer die Meester sy sertifikaat van ontslag uitreik, moet die eksekuteur die oorspronklike eksekuteursbrief sowel as alle gesertifiseerde afskrifte daarvan in sy besit aan die Meester oorhandig.[33] Versuim om dit te doen is 'n oortreding.[34]

Die eksekuteur se bedanking word dus eers van krag wanneer die Meester die versoek om ontslag of ontheffing uit die amp goedkeur en nie voor dan nie. Wanneer 'n eksekuteur sy ontslag van die Meester ontvang het, word hy *functus officio.*[35] Geen persoon mag daarna regstappe ten opsigte van enige eis teen die boedel of enige voordeel ontvang uit die boedel teen 'n eksekuteur wat ontslag ontvang het, instel nie.[36] Ontslag deur die Meester onthef egter nie die

---

[31] A 56 (1) van die *Boedelwet.*

[32] Meyerowitz *Meyerowitz on Administration of Estates and Estate Duty* 11-6.

[33] A 54(5) van die *Boedelwet.*

[34] A 102(1)(i) van die *Boedelwet.*

[35] Geach, *Handbook for Executors, Trustees and Curators* 79.

[36] Geach Geach, *Handbook for Executors, Trustees and Curators* 79.

eksekuteur van aanspreeklikheid ten opsigte van enige bedrieglike handeling in verband met die boedel of die likwidasie en distribusie daarvan nie.[37]

Die bedanking van 'n eksekuteur tree dus nie in werking alvorens daar 'n formele handeling plaasgevind het nie. Die posisie van 'n trustee wat in die amp aangestel word volgende bespreek.

## *2.5 'n Vergelyking van 'n trustee wat bedank met 'n trustee wat in die amp aangestel word*

Artikel 6(1) van die Wet bepaal in wese dat geen persoon in sy hoedanigheid as trustee mag optree alvorens hy skriftelik deur die Meester gemagtig is om dit te doen nie.[38] Volgens Honoré en Cameron is die rede vir die streng vereiste van statutêre magtiging eerstens dat dit die afdwinging van sekuriteitstelling deur trustees die belange van die begunstigdes beskerm, en tweedens verseker dit dat buitestanders bewus is van die trustees se aanstelling.[39] Die effek van 'n handeling deur die trustees van 'n trust, voor hulle skriftelik deur die Meester gemagtig is om op te tree, het in *Simplex (Pty) Ltd v Van der Merwe and Other NNO*[40] ter sprake gekom. Die feite van hierdie saak is kortliks dat die trustees 'n koopkontrak van onroerende eiendom in die naam van die trust gesluit het nadat hulle hul aanstelling as trustees aanvaar het, maar voor hulle deur die Meester gemagtig is om op te tree. Die applikant het aansoek gedoen om 'n uitsettingsbevel op grond van die nie-nakoming van artikel 6(1) van die Wet. Die applikant het aangevoer dat die koopooreenkoms nietig was en die okkupasie deur die respondente as gevolg daarvan onregmatig. Die hof bevind dat die

---

[37] A 56(2) van die *Boedelwet*.

[38] Wunch 'The Trust Property Control Act' Augustus 1988 *De Rebus* 547.

[39] Cameron *Honoré's South African Law of Trusts* 220.

[40] *Simplex (Pty) Ltd v Van der Merwe and Other NNO* 1996 1 SA 111 (W). Hierna genoem "Simplex v Van der Merwe".

handelinge deur die trustees voor hulle magtiging van die Meester ontvang het, ongeldig is.[41] *Goldblatt R het in die uitspraak ook die volgende opmerking* gemaak: "Further as I have already said, s 6(1) is not to protect beneficiaries but has a wider and more public purpose."[42]

Die hof het verder ook bevind dat die ooreenkoms nie geratifiseer kan word nie en dat dit *ab initio* nietig is.[43] Die hof beslis dat 'n hof geen mag het om handelinge wat uitdruklik deur wetgewing verbied word, te bekragtig nie.[44]

Dit is dus duidelik uit hierdie uitspraak dat 'n handeling deur die trustees alvorens hulle daartoe gematig is deur die Meester, ongeldig is. Die hof se bevinding dat die vereiste magtiging deur die Meester nie net daar is om die belange van begunstigdes te beskerm nie, maar dat dit 'n openbare belang het, is van belang.

Die uitspraak in die *Simplex-saak* is egter nie nagevolg in *Kropman v Nysschen*[45] nie. Die hof het in hierdie saak klem gelê op die feit dat die Wet nie enige strafsanksie bevat in die geval waar 'n trustee wel optree voordat hy skriftelike magtiging van die Meester ontvang het nie.[46] Die hof het ook daarop gewys dat die Wet nie spesifiek daarvoor voorsiening maak dat die optrede deur 'n ongemagtigde trustee nietig is nie. Die hof het van die standpunt uitgegaan dat die Wet ten doel het om die begunstigdes van die trust te beskerm en dat daar nie rede bestaan waarom die hof nie sy diskresie in gepaste gevalle kan uitoefen, om aksies van die ongemagtigde trustees terugwerkend te ratifiseer

---

[41] *Simplex v Van der Merwe* 113 E.

[42] *Simplex v Van der Merwe* 112 J.

[43] 113 F-G.

[44] 114 I-J.

[45] 1999 2 SA 567 (T).

[46] 576 E.

nie.[47] Die hof het bevind dat die trustees in die belang van die trust opgetree het en dat die transaksie deur die hof geratifiseer moet word.[48]

Die uitspraak in die *Simplex*-saak is wel bevestig in *Van der Merwe v Van der Merwe.*[49] Die feite van die saak stem baie ooreen met die feite in die *Simplex*-saak. Die hof het ná 'n bespreking van die uitsprake in die *Simplex- en Kropman*-sake beslis dat die uitspraak in die *Simplex*-saak korrek is.[50] Verskeie skrywers voer aan dat die onsekerheid oor die aangeleentheid spoedig deur die hoogste hof van appèl of die wetgewer opgelos moet word.[51] De Waal voer aan dat die *Simplex- en Van der Merwe*-sake korrek beslis is en die *Kropman*-saak verkeerd.[52] Hiermee kan akkoord gegaan word.

In *Watt v Sea Plant Products Bpk and Others*[53] het die verweerders, wat die trustees van 'n trust was, in verweer teen 'n eis geopper dat hulle nie *locus standi* het nie, aangesien hulle nie deur die Meester gemagtig was om as trustees op te tree toe die dagvaarding uitgereik is nie.

Die hof het bevind dat artikel 6(1) nie ten doel het om die aspekte rondom *locus standi in iudicio* te reguleer nie.[54] Die hof beslis ook dat 'n trustee wat reeds aangestel is as trustee maar nog nie gemagtig is om op te tree nie steeds, ten spyte van sy gebrek aan magtiging, aanspreeklikheid vir enige onregmatige

---

[47] 576 E-G.

[48] *Kropman v Nysschen* 576 G-H.

[49] 2000 2 SA 519 (C).

[50] *Van der Merwe v Van der Merwe* 524 B - 525 C.

[51] Pace en Van der Westhuizen *Wills and Trusts* 26.

[52] De Waal 'Authorisation of trustees in terms of the Trust Property Control Act' 2000 *THRHR* 472-478.

[53] *Watt v Sea Plant Products Bpk and others*1998 4 All SA 109 (C). Hierna genoem "Watt v Sea Plant".

[54] *Watt v Sea Plant* 114 B-D.

handeling in die loop van die administrasie van die trust kan opdoen.[55] Die hof het ook bepaal dat daar 'n duidelike onderskeid tussen *locus standi iudicio* en kontrakteerbevoegdheid is. Conradie R het beslis dat die gebrek aan magtiging in terme van artikel 6(1) van die Wet nie impliseer dat die trustee nie geldiglik aangestel is nie, maar slegs dat hy nie die kapasiteit het om op te tree totdat sodanige magtiging verkry is nie.[56]

Dit impliseer dus dat 'n trustee genoegsame noue belang in die administrasie van die trust het om te dagvaar of gedagvaar te word ten einde die belange van die trust te beskerm, ten spyte daarvan dat hy nog nie gemagtig is om as trustee op te tree nie. Die uitspraak bied steun vir die siening dat daar reeds verpligtinge op die trustees rus uit hoofde van hulle amp, al is hulle nog nie deur die Meester gemagtig om op te tree nie.

In *Kriel v Terblanche NO en Andere*[57] was die feite kortliks as volg: Die applikant (Kriel senior) het weens boedelbeplanningsredes sy plaas aan 'n nuut opgerigte *inter vivos* trust verkoop. Die trust (die "Heuningkop Trust") is op 6 Maart 1995 opgerig met die applikant se seun (Kriel junior) en sy vrou as trustees. 'n Geskrewe koopooreenkoms is aangegaan tussen die applikant en Kriel junior in sy hoedanigheid as trustee van die Heuningkop Trust op dieselfde dag.

Die magtigingsbrief soos vereis in terme van artikel 6(1) van die Wet is eers 8 dae later uitgereik. Op 6 Desember 1999 het die trustees van die Heuningkop Trust die plaas verkoop aan die Johan en Ina Trust. Die Heuningkop trust is egter gesekwestreer op 9 Mei 2000 voor die registrasie van die eiendomsoordrag aan die Johan en Ina Trust kon plaasvind. Die kurator van die insolvente trust het die

---

[55] 112 J.

[56] 114 A-D.

[57] *Kriel v Terblanche NO en Andere* 2002 6 SA 132 (NC). Hierna genoem "Kriel v Terblanche"

koopooreenkoms goedgekeur en die eiendom is geregistreer in die naam van die Johan en Ina Trust.

Die applikant het aansoek gedoen vir 'n bevel dat die koopooreenkoms aangegaan op 6 Maart 1995 *ab initio* nietig is, dat die registrasie van die plaas in die naam van die Heuningkop Trust op sterkte van die ooreenkoms gevolglik ook nietig is, en dat die eienaarskap van die plaas steeds setel in die applikant in sy persoonlike hoedanigheid. Die belangrikste regsvraag wat hier beslis moes word, is die vraag of die Suid- Afri kaanse reg 'n kousale of abstrakte stelsel van eiendomsoordrag van onroerende eiendom volg. Die hof het egter in die uitspraak ook sekere belangrike aspekte met betrekking tot artikel 6(1) van die Wet aangeraak. Vir doeleindes van hierdie bespreking sal daar net na die betrokke aspekte van die uitspraak verwys word.

Die hof beslis by monde van Buys R dat die ooreenkoms nietig is, aangesien dit onderteken is deur die trustees van die trust alvorens hulle gemagtig was om op te tree.[58] Die eerste bevel is dus toegestaan. Die daaropvolgende bevele is nie toegestaan nie. Die hof bevind dat die abstrakte stelsel van eiendomsoordrag in die Suid-Afrikaanse reg gevolg word.[59] Die hof beslis dat daar geen twyfel bestaan dat die partye die bedoeling gehad het om eiendomsreg oor te dra nie (al was die onderliggende ooreenkoms ongeldig) en dat die trustees gemagtig was om op te tree ten tyde van die registrasie van die eiendom in die naam van die trust.[60] Die trustees het dus die eienaar van die eiendom geword op datum van registrasie en was by magte om eiendomsreg aan die opvolgers in titel oor te dra.

---

[58] *Kriel v Terblanche* 53.

[59] *Kriel v Terblanche* 49.

[60] *Kriel v Terblanche* 30.

In hierdie uitspraak het die hof twee keer die optrede deur die trustees in die lig van artikel 6(1) beoordeel. In die eerste geval het die hof bevind dat die koopooreenkoms nietig is, aangesien die trustees op die datum van ondertekening van dié ooreenkoms nog nie die vereiste magtiging van die Meester ontvang het om op te tree nie.[61] In die tweede geval het die hof daarop gewys dat die trustees wel gemagtig was om op te tree ten tyde van die oordrag van die eiendom in die naam van die trust.[62] Derhalwe was die trust, ingevolge die abstrakte stelsel van eiendomsoordrag van onroerende eiendom, die regmatige eienaar, a angesien die onderliggende saaklike ooreenkoms geldig was en die trustees gemagtig was om op te tree toe oordrag van die eiendom plaasgevind het.

Dit is duidelik uit die ondersoek na die uitsprake in die bogemelde sake dat enige handelinge deur 'n trustee voordat hy daartoe gemagtig is in terme van artikel 6(1) ongeldig is. Dit is die posisie soos uiteengesit in die *Simplex*-saak, bevestig in *Van der Merwe v Van der Merwe* en *Kriel v Terblanche NO en Andere.* Artikel 6(1) van die Wet het dus nie net ten doel om die begunstigdes van die trust te beskerm nie, maar het ook 'n wyer openbare doel.[63] Hierdie doel is om regsekerheid te verseker sodat enige persoon wat met 'n trust kontrakteer, weet wie die trustees van die trust is.

Dit is egter belangrik om te let op die uitspraak in die *Watt v Sea Plant*-saak[64] wat hierbo bespreek is. Die hof het beslis dat 'n trustee wat reeds aangestel is as trustee maar nog nie deur die Meester gemagtig is om op te tree nie, steeds ten spyte van sy gebrek aan magtiging, aanspreeklikheid vir enige onregmatige

---

[61] *Kriel v Terblanche* 53.

[62] *Kriel v Terblanche* 30.

[63] *Simplex v Van der Merwe* 112 J.

[64] Sien bespreking in 2.5 hierbo.

handeling in die loop van die administrasie van die trust kan opdoen.[65] Die hof het verder beslis dat die gebrek aan magtiging in terme van artikel 6(1) van die Wet nie impliseer dat die trustee nie geldiglik aangestel is nie, maar slegs dat hy nie die kapasiteit het om op te tree totdat sodanige magtiging verkry is nie.[66] *Hierdie is 'n belangrike punt aangesien die trustverhouding 'n* vertrouensverhouding is.[67] Indien die trustee aangestel is en selfs al is hy nog nie deur die Meester gemagtig om op te tree nie, het die trustee reeds die amp as trustee aanvaar en in hierdie vertrouensverhouding getree. Die trustverhouding bestaan hierna *ex lege*, ongeag die aard en inhoud van die ontstaansbron van die verhouding.[68]

Wanneer die posisie van die bedankende trustee dus met dié van die trustee vergelyk word wat in die amp aangestel word, kan die volgende afleidings gemaak word:

- Die magtiging om op te tree in terme van artikel 6(1) van die Wet beïnvloed nie die regsgeldigheid van die trustee se aanstelling nie.
- 'n Trustee wat reeds aangestel is, maar nog nie gemagtig is om op te tree nie, kan reeds aanspreeklikheid vir enige onregmatige handeling in die loop van die administrasie van die trust opdoen. So 'n trustee het reeds verpligtinge uit hoofde van die vertrouensverhouding opgedoen.
- Die trustee se kapasiteit om as sulks op te tree word opgeskort totdat hy die magtiging om op te tree, ontvang.

---

[65] *Watt v Sea Plant* 112 J.

[66] *Watt v Sea Plant* 114 A-D.

[67] Sien vn 15.

[68] Coetzee *'n Kritiese ondersoek na die aard en inhoud van trustbegunstigdes se regte ingevolge die Suid- Afrikaanse reg* 363.

- Enige handeling deur die trustees voordat sodanige magtiging ontvang is, is *ab initio* nietig.

Die vraag is of hieruit afgelei kan word dat 'n trustee se bedanking eers van krag word wanneer die magtiging aan hom verleen, teruggetrek word, of word sy bedanking op 'n vroeër stadium van krag? Ons het gesien dat die hof in die uitspraak in die *Simplex*-saak bevind het dat artikel 6(1) van die Wet, wat die trustee se bevoegdheid om op tree opskort totdat die nodige magtiging ontvang is, 'n wye en openbare doel dien. Ons het egter ook gesien dat die aanstelling van 'n trustee en sy magtiging om namens die trust op te tree, twee afsonderlike handelinge of gebeurtenisse is. Die moontlikheid kan dus ook bestaan dat 'n trustee wel bedank, maar dat daar nog steeds verpligtinge voortspruitend uit die vertrouensverhouding waarin hy staan, op hom rus totdat sy naam van die magtigingsbrief verwyder word. Hy bedank dus effektiewelik wanneer hy kennis van sy bedanking gee, maar hy is nog onderhewig aan sekere verpligtinge wat spruit uit die amp wat hy beklee het.

Die vraag kan egter gevra word of dit nie in die openbare belang is dat die bedanking van 'n trustee eers van krag word wanneer die magtiging aan hom verleen, teruggetrek word nie? Dit sal ten minste regsekerheid verseker. Die siening van gesaghebbende skrywers in die verband moet ondersoek word.

### *2.6 Aanbevelings deur skrywers*

Honoré voer aan dat die Wet nou 'n algemene bevoegdheid om te bedank aan trustees verleen, onderhewig aan sekere voorwaardes.[69] Hierdie voorwaardes is dat die bedankende trustee kennis van sy bedanking aan die Meester en aan die bepaalde begunstigdes moet gee, soos hierbo uiteengesit. Die trustee se

[69] Honoré *Honoré's South African Law of Trusts* 184.

bevoegdheid om te bedank is dus nie onderhewig aan die Meester of die hof se toestemming nie.

Daarenteen huldig Cameron egter 'n ander mening. Sy siening is dat die oogmerk van artikel 21 van die Wet is om 'n trustee bloot toe te laat om te bedank, nieteenstaande die bepalings van die trustakte. Die doel met die bepaling is volgens hom nie om die kennisgewing van bedanking aan die Meester en die begunstigdes tot 'n formele vereiste vir die bedanking van 'n trustee te verhef nie.[70] Hy voer aan dat die bewoording van die Wet toegeeflik van aard is en dat dit 'n aanduiding is dat die statutêre bedankingsmeganisme 'n addisionele metode van bedanking daarstel, wat gelykstaande met die metodes wat in die betrokke trustakte voorgeskryf is, kan bestaan. Hierdie standpunt van Cameron kan dien as ondersteuning vir die moontlikheid in paragraaf 2.2 hierbo genoem, naamlik dat dit 'n trustee vry staan om te bedank en dat sy of haar bedanking nie opgeskort word deur die Wet totdat daar aan sekere formaliteite voldoen is nie.

Ter stawing van sy argument verwys Cameron[71] na die saak van *Ex parte Moodley*, waar 'n trustee op informele wyse bedank het. Een van die trustees het 'n dokument onderteken met die strekking dat hy begerig was om te bedank, dat hy binne 'n week sou bedank en dat hy niks verder met die trust te doen wou hê nie. Die hof het beslis dat alhoewel die trustee nooit sover gekom het om 'n formele bedanking in te dien nie, hy die amp van trustee effektief ontruim het deur nie verder aan die bestuur van die trust deel te neem nie.[72]

---

[70] Cameron *Honoré's South African Law of Trusts* 229.

[71] Cameron *Honoré's South African Law of Trusts* 229.

[72] *Ex parte Moodley* 626H - 627A.

Hier moet in gedagte gehou word dat hierdie beslissing lank voor die inwerkingtreding van die Wet gegee is, en dat die vereistes wat artikel 21 van die Wet stel, nie hier ter sprake was nie.

Van der Westhuizen voer aan dat Honoré se interpretasie van artikel 21 van die Wet, naamlik dat die trustee skriftelik van sy bedanking moet kennis gee aan, eerstens, die Meester, en, tweedens, die begunstigdes soos omskryf in die artikel, ooreenstem met die aanbevelings van die Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie dat die trustee kennis van sy bedanking moet gee aan die Meester en die begunstigdes.[73]

Volgens Van der Westhuizen behoort die bedanking van 'n trustee, ter wille van regsekerheid, eers van krag te word nadat die bedankende trustee se naam deur die Meester van die magtigingsbrief verwyder is.[74] Dit dien vermeld te word dat Van der Westhuizen wel 'n uitsondering op die reël voorstel. Hy meld dat waar die trustee se amp beëindig word weens ander redes soos byvoorbeeld die afsterwe van die betrokke trustee of die ontbinding van die trust, die datum van die gebeurtenis, anders as by die bedanking van 'n trustee, die effektiewe datum van beëindiging van die magtiging bepaal.[75]

Op sy beurt voer Meyerowitz aan dat die Meester en die begunstigdes kennisgewing van bedanking deur die trustee moet ontvang alvorens die bedanking effektief kan wees.[76] Volgens hom behoort die trustee vir alle praktiese doeleindes nie aan te neem dat hy bedank het alvorens hy nie seker gemaak het dat kennisgewing van sy bedanking ontvang is nie. Die probleem hiermee is dat die trustee se bedanking reeds van krag geword het toe kennis van sy bedanking ontvang is en hy dan nie meer kan voortgaan met die pligte

---

[73] Pace en Van der Westhuizen *Wills and Trusts* 25.

[74] Pace en Van der Westhuizen *Wills and Trusts* 26.

[75] Pace en Van der Westhuizen *Wills and Trusts* 26.

[76] Meyerowitz *Meyerowitz on Administration of Estates and Estate Duty* 23-21.

van 'n trustee nie. As moontlike praktiese oplossing stel Meyerowitz voor dat 'n trustee kennis gee dat sy bedanking op 'n bepaalde tydstip in die toekoms in werking sal tree.[77]

Ter samevatting van die ondersoek na die betrokke bepalings van die Wet, uitsprake deur ons howe en die menings van gesaghebbende skrywers, kan die volgende hoofpunte uit die bogenoemde bespreking uitgelig word:

- Soos hierbo aangetoon, is Honoré van mening dat die Wet die bedanking van 'n trustee moontlik maak, onderhewig aan die vereistes van kennisgewing soos bepaal in artikel 21.
- Hierdie siening is in ooreenstemming met die Regshervormingskommissie se aanbevelings wat die Wet betref.
- Cameron se siening dat die oogmerk van die Wet nie is om skriftelike kennisgewing van bedanking tot 'n formele vereiste te verhef nie, is gebaseer op sy interpretasie van die Wet wat met dié van Honoré verskil, omdat hy die klem laat val op die gedeelte van die artikel wat bepaal dat die trustee mag bedank ongeag wat die trustakte bepaal, en nie op die voorskrifte of voorwaardes vir sodanige bedanking nie. Cameron verwys ook na gesag ter ondersteuning van sy standpunt wat dateer uit 'n era voor die inwerkingtreding van die Wet.
- Die hof het in die *Simplex-saak* duidelik bepaal dat die vereiste magtiging van trustees soos bepaal in artikel 6(1) 'n wye en openbare doel dien. Dit sluit die daarstel van regsekerheid oor wie die trustees van die trust is, in. Dit is 'n geregverdigde afleiding dat die verdere bepalings van die Wet nie so uitgelê moet word dat dit strydig is met die oogmerk van ander bepalings van dieselfde Wet nie.

[77] Meyerowitz *Meyerowitz on Administration of Estates and Estate Duty* 23-21.

- Die opskorting van die trustees se bevoegdheid om as sulks op te tree totdat hulle die nodige magtiging ontvang het, en die nietigheid van enige handelinge alvorens sodanige magtiging ontvang is, is 'n sterk aanduiding van wat die wetgewer met die artikel beoog het. Dit is die aanvaarde posisie by trustees wat in die amp aangestel is en kan geen rede gesien word waarom dieselfde beginsels nie moet geld by die bedanking van 'n trustee om regsekerheid ook in die geval te verseker nie.
- Van Der Westhuizen huldig die mening dat, ter wille van regsekerheid, die bedanking van 'n trustee eers van krag kan word nadat die bedankende trustee se naam deur die Meester van die magtigingsbrief verwyder is.
- Die enigste gesag spesifiek met hierdie aspek handel, naamlik *Soekoe v Le Roux*,[78] bevestig hierdie standpunt. In die saak het die hoë hof uitdruklik soos volg beslis:

> I have already found that the respondent's resignation on 10 October 2006 did not legally relieve him of his duties as trustee. He remained legally accountable to his fellow trustees for the entire period until the Master of the High Court officially removed him from the office as a trustee.

Hoewel die agbare regter nie die redes vir hierdie beslissing verskaf het nie, is daar ten minste gesag op hierdie punt.

## *2.7 Praktyk*

In die praktyk bevind die bedankende trustee homself dikwels in 'n benarde posisie ten opsigte van hierdie vereistes wat die Wet stel. Dikwels is 'n trustee wat bedank nie in besit van die magtigingsbrief nie en kan hy nie hierdie vereiste nakom nie. Die praktyk van die Meesterskantoor is om net een oorspronklike magtigingsbrief uit te reik. Soms vind daar 'n vertrouensbreuk tussen trustees plaas en gee die oorblywende trustees nie hulle samewerking in die verband nie,

[78] Sien 2.3 hierbo.

of die bedankende trustee kan dalk nie sy medetrustees opspoor nie. Indien die trustakte van die trust byvoorbeeld 'n minimum aantal trustees vereis en die getal onder die vereiste minimum daal wanneer 'n trustee bedank, moet 'n opvolgende trustee aangestel word. In so 'n geval kan die Meester weier om die bestaande magtigingsbrief in te trek en 'n nuwe magtigingsbrief uit te reik. Dit laat die bedankende trustee in 'n onuithoudbare situasie waar hy nog nie van al die verpligtinge wat op hom rus, onthef is nie.

Die Meester behoort sy verantwoordelikhede op 'n meer pragmatiese wyse uit te oefen. Dit staan vas dat die Meester in sy toesighoudende hoedanigheid oor trusts uitgebreide magte en verantwoordelikhede het.[79] Dit sluit in die mag om trustees aan te stel in die afwesigheid van bepalings in die trustakte tot die effek,[80] asook om, waar hy dit wenslik ag, enige persoon as medetrustee saam met die diensdoende trustees aan te stel.[81]

Tydens 'n telefoniese konsultasie met 'n senior amptenaar in die Meester se kantoor te Bloemfontein, is vasgestel dat die praktyk in die kantoor nog altyd was om die datum van die trustee se bedanking as effektiewe datum van bedanking te aanvaar[82]. Die uitspraak in *Soekoe v Le Roux*[83] het egter ook dié praktyk in 'n mate van onsekerheid gedompel.[84] Daar word voorgestel dat die Meester sy bevoegdhede op so 'n wyse moet uitoefen dat die bedankende trustee wat hom moontlik in die benarde posisie soos hierbo genoem bevind, te hulp gekom word. Die Meester kan gewoon by ontvangs van die kennisgewing van bedanking die bestaande magtigingsbrief terugtrek en dan na gelang van die omstandighede

---

[79] *Landbank v Parker* 89H – 90A.

[80] A 7(1) *Wet op die Beheer oor Trustgoed.*

[81] A 7(2) *Wet op die Beheer oor Trustgoed.*

[82] Telefoniese onderhoud op 25 September 2008 – Notas op lêer by outeur.

[83] Sien 2.3.

[84] Sien volledige bespreking van saak in 2.4.

met die oorblywende trustees skakel om die situasie op te los, of selfs 'n ander trustee in die plek van die bedankende trustee aanstel. Hier is natuurlik verskeie praktiese faktore wat oorweeg moet word.[85]

Artikel 21 vereis egter steeds dat 'n trustee wat bedank aan die Meester moet kennis gee. Artikel 20(3) is gebiedend van aard en bepaal dat 'n trustee sy skriftelike magtiging sonder versuim aan die Meester moet terug besorg indien hy bedank of uit die amp onthef word.

### *2.8 Gevolgtrekking wat die effektiewe datum van die bedanking van trustees betref*

Uit die ondersoek wat gedoen is, blyk dit, dat 'n paar interpretasies moontlik aanvaarbaar kan wees.

Aan die een kant is daar die sterk beginsel dat die hele kwessie oor die magtiging van trustees 'n openbare doel het. Hierdie doel is om regsekerheid te verseker sodat enige persoon wat met 'n trust kontrakteer, weet wie die trustees van die trust is. Die gedagte dat daar kennis gegee moet word van bedanking deur 'n trustee soos vereis in artikel 21 sluit nou aan hierby. Dit was die siening van die Regshervormingskommissie rakende die Wet.

Honoré en Meyerowitz is van mening dat die trustee se bedanking nie voltooid is alvorens kennisgewing van s y bedanking deur die Meester en begunstigdes ontvang is nie. Uit die oogpunt van die openbare doel van die Wet behoort die bedankende trustee kennis te gee van sy bedanking. Die benadering het die praktiese probleem dat die bedanking uitgestel word tot 'n onsekere datum in die toekoms. Dit is die datum waarop die Meester en die begunstigdes kennis van

[85] Sien 3.4 hieronder waar die praktiese faktore bespreek word.

die bedanking ontvang. Dit impliseer ook dat die trustee nog medeaanspreeklik en verantwoordelik is tot op daardie tydstip.

'n Praktiese manier om die probleem te aan te pak, is om 'n sentrale nasionale register vir trusts te skep soortgelyk aan die stelsel wat deur die Registrateur van Maatskappye gebruik word. 'n Trustee kan dan sy bedanking op 'n voorgeskrewe vorm by die Meesterskantoor inhandig of dit elektronies indien, waar dit dadelik in die register aangeteken word. Indien so 'n stelsel effektief werk, kan artikel 21 gewysig word om te bepaal dat die begunstigdes geag sal word kennis van 'n trustee se bedanking te ontvang het op die datum waarop dit op die stelsel geregistreer is.

Aan die ander kant is die aanstelling van 'n trustee en die magtiging van 'n trustee in terme van artikel 6(1) om op te tree twee verskillende handelinge. Dit blyk ook uit die bespreking hierbo dat 'n trustee reeds aangestel en verpligtinge en verantwoordelikhede opdoen, uit hoofde van die vertrouensverhouding wat hy beklee, nog voordat die magtigingsbrief uitgereik is.

Volg dit dan nie logieserwys dat 'n trustee uit hierdie amp en vertrouensverhouding kan bedank nog voordat sy magtiging om op te tree deur die Meester terug getrek is nie? Cameron voer aan dat artikel 21 van die Wet nie gebiedend van aard is nie en dat die bedoeling van die Wet nie is om addisionele vereistes vir bedanking daar te stel nie. Dit sal immers onbillik wees om 'n trustee wat wil bedank en die handeling verrig het om te bedank, nog verder aanspreeklik te hou totdat 'n administratiewe proses in die Meester se kantoor plaasgevind het waaroor hy geen beheer het nie.

Die argument wat hiermee saamgaan is dat alhoewel die trustee in werklikheid bedank het, hy uit hoofde van die vertrouensverhouding waarin hy staan nog steeds sekere verpligtinge moet nakom. Dit sal onder andere insluit om die Meester in kennis te stel van sy bedanking; om saam te werk en te sorg dat sy

opvolger aangestel word, indien van toepassing; om seker te maak dat die bestuur van die trust sal kan voortgaan ná sy bedanking; om alle rekords en dokumentasie ten opsigte van die trust in sy besit aan sy medetrustees te oorhandig; en om verslag te doen oor die bestuur van die trust wanneer hy daartoe versoek word.

Die vraag ontstaan wanneer hierdie vertrouensverpligtinge dan eindig. Is dit wanneer die trustee se naam van die magtigingsbrief verwyder word? Hierdie benadering gee ook aanleiding tot regsonsekerheid. Dit is feitlik onmoontlik vir die publiek om vas te stel wie die verantwoordelike trustees is. Alhoewel die trustee se naam nog op die magtigingsbrief verskyn, het hy moontlik reeds bedank en kan dit ernstige gevolge hê soos in die *Landbank v Parker-saak* geïllustreer is.[86] Dit kan 'n onuithoudbare situasie tot gevolg hê.

Laastens voer Van der Westhuizen aan dat die trustee se bedanking, ter wille van regsekerheid, eers van krag moet word wanneer sy naam van die magtigingsbrief verwyder word. Hierdie benadering strook met die bedoeling van die Wet en bevorder die openbare doel wat die wetgewer in gedagte gehad het. Hierdie standpunt strook ook met die mees logiese interpretasie in die *Soekoe*-saak hierbo bespreek. Hierdie uitspraak is die enigste gerapporteerde gesag op hierdie punt en stel dus die heersende regsposisie daar. Argumente teen hierdie benadering stem baie ooreen met wat reeds hierbo genoem is. Dit is waarskynlik onbillik om 'n trustee wat wil bedank en die handeling verrig het om te bedank nog verder aanspreeklik te hou totdat 'n administratiewe proses in die Meester se kantoor plaasgevind het waaroor hy geen beheer het nie.

Die Meester kan hier 'n bydrae lewer om die situasie te help oplos. Die Meester het die bevoegdheid en verantwoordelikheid om in toesighoudende hoedanigheid op te tree. Hier kan die sentrale registrasiestelsel waarna hierbo verwys is,

[86] Sien 1, 3.1 en 3.3.

handig te pas kom. Sodra die bedankende trustee sy bedanking ingedien het, word dit in die sentrale register aangeteken. Terselfdertyd kan die bestaande magtigingsbrief teruggetrek word. Enige persoon wat met die trust wil kontrakteer, kan op die register sien dat die magtigingsbrief teruggetrek is. Die Meester kan verder sy bevoegdhede uitoefen deur 'n nuwe magtigingsbrief uit te reik na gelang van die geval. Indien daar nie 'n opvolger vir die bedankende trustee aangestel word nie, kan die Meester 'n magtigingsbrief vir die oorblywende trustees uitreik indien hulle in getal, kundigheid en verwantskap aan mekaar aan al die vereistes voldoen, of die Meester kan medetrustees aanstel.

Dit is nodig dat die wetgewer of die hoogste hof van appèl, ter wille van regsekerheid en ter wille van die praktiese riglyne vir die duisende trustees wat hulle fidusiêre verantwoordelikhede nougeset wil nakom, uitsluitsel gee oor watter van die bogemelde drie posisies die korrekte is. Totdat dit egter gebeur, word voorgestel dat die volgende benadering die verantwoordelikste is:

'n Trustee se bedanking word eers van krag op die datum waarop sy naam deur die Meester van die magtigingsbrief verwyder word. Die inherente onbillikheid teenoor 'n trustee waarna hierbo verwys is, moet ondergeskik gestel word aan die belange van die publiek wat 'n belang het by die trust, byvoorbeeld begunstigdes, skuldeisers en persone wat met die trustees kontrakteer. Dit wil voorkom of Rampati R dit in gedagte gehad het toe hy sy uitspraak in die *Soekoe*-saak gelewer het.

## 3 Effek van bedanking van 'n trustee op oorblywende trustees waar 'n nuwe magtigingsbrief nog nie uitgereik is nie

Die effek van die bedanking van 'n trustee op die oorblywende trustees word bespreek aan die hand van 'n ondersoek na die gemeenregtelike posisie, die problematiek met die algemene reël dat trustees altyd gesamentlik moet optree, en die Meester se bevoegdhede in terme van die Wet.

### *3.1 Gemeenregtelike posisie*

In die praktyk gebeur dit gereeld dat 'n trustee van 'n trust bedank, maar die Meester word nie dadelik in kennis gestel dat die trustee se naam van die magtigingsbrief verwyder moet word nie.[87] Dit is hier waar trustees en persone wat onder hierdie omstandighede met die trust kontrakteer, uiters versigtig moet wees. Hierdie punt illustreer die belang van regsekerheid met betrekking tot die tydstip waarop 'n trustee se bedanking van krag word, soos hierbo bespreek.[88] Indien die trustee se bedanking op 'n datum voor die wysiging van die magtigingsbrief van krag word, kan die oorblywende trustees moontlik minder as die vereiste minimum getal in die trustakte wees. In so 'n geval kan die optrede van die trustees ongeldig wees. Indien die trustee se bedanking eers van krag word op die datum van die wysiging van die magtigingsbrief, is hy vir die interimperiode nog 'n trustee, en kan daar ernstige gevolge wees indien hy nie betrokke is by die besluite en optredes deur die trustees nie. Eerstens word die gemeenregtelike implikasies van die bedanking van 'n trustee op sy medetrustees bespreek.

'n Trustee behoort nie ligtelik om te gaan met die besluit om te bedank nie. Die fidusiêre verpligtinge wat op 'n trustee rus het tot gevolg dat hy nie goedsmoeds kan bedank en die behoeftes van die trust en die belange van die begunstigdes ignoreer nie.[89] Indien die trust benadeel sal word deur die bedanking, moet die beleid om uitvoering te gee aan geldig opgerigte trusts voorkeur bo die private gerief van die individu geniet, totdat 'n geskikte plaasvervanger beskikbaar is.[90]

---

[87] Eie opinie gebaseer op praktykservaring.

[88] Sien 2.3, 2.6 en 2.7 hierbo.

[89] Cameron *Honoré's South African Law of Trusts* 227.

[90] Cameron *Honoré's South African Law of Trusts* 228.

Bedanking is dus slegs moontlik waar daar ten minste een trustee oorbly wat in staat is om die trust te bestuur of waar die bedankende trustee reël dat die Meester 'n gepaste plaasvervanger aanstel. 'n Trustee wat uit eie beweging bedank ten spyte van moontlike nadeel wat dit vir die trust mag inhou, kan in gepaste omstandighede aanspreeklik gehou word vir vertrouensbreuk.[91] Die Suid-Afrikaanse howe het egter al beslis dat dit nie moontlik is om 'n trustee te verplig om in die amp teen sy wil aan te bly nie.[92] 'n Trustee wat weier om sy pligte uit te voer kan regtens aanspreeklik gehou word vir enige skade gely as gevolg van sy versuim.[93]

Dit is ook belangrik om daarop te let dat trustees deur werking van die reg sivielregtelik en strafregtelik aanspreeklik gehou kan word vir onregmatige administratiewe handelinge van die verlede.[94] 'n Trustee wat onregmatig optree nadat hy aangestel is, maar voordat hy gemagtig is om op te tree deur die Meester, spring eweneens nie aanspreeklikheid vry nie.[95] Na my mening is die omgekeerde logieserwys ook waar. Indien 'n trustee bedank het, maar sy naam nog nie van die magtigingsbrief verwyder is nie, is sodanige trustee steeds aanspreeklik vir enige onregmatige optrede van die trustees.[96]

Die *inter vivos* trust is in wese 'n kontrak en al die reëls van die kontraktereg is daarop van toepassing.[97] Skrywers verskil van mening oor wat die basis van die *inter vivos* trust is. Sommige meen die trust is in wese 'n *stipulatio alteri* en ander meen die trust het 'n regsaard *sui generis*. Vir doeleindes van hierdie bespreking gaan ek nie verder hierop uitbrei nie. Die meeste skrywers is dit egter eens dat

---

[91] Cameron *Honoré's South African Law of Trusts* 228.

[92] *Ex parte Rose-Innes* 1937 TPD 359 361.

[93] Cameron *Honoré's South African Law of Trusts* 230.

[94] Cameron *Honoré's South African Law of Trusts* 189.

[95] De Waal 2000 *THRHR* 478.

[96] Sien 3.2.

[97] Pace en Van der Westhuizen *Wills and Trusts* 18.

die trust instrument die konstitusie van die trust is, wat al die bepalings waaraan die trustees uitvoering moet gee, bevat.[98] Dit is een van die belangrikste verpligtinge van die trustees om op die bepalings van die trustakte te let en daaraan uitvoering te gee, solank die bepalings wettig en afdwingbaar is in terme van die reg van die plek waar die administrasie plaasvind.[99] Indien die trustees skuldig is aan vertrouensbreuk of versuim om hulle verpligtinge volgens die bepalings van die trustakte na te kom, kan hulle aanspreeklikheid op grond van kontrakbreuk opdoen.[100] Van der Westhuizen voer aan dat die begunstigde na gelang van die omstandighede selfs 'n konkurrente kontraktuele en deliktuele aksie teen die trustees mag hê.[101]

Wat die minimum getal trustees, die vereistes vir 'n kworum, die vervanging van trustees en die bedanking van trustees betref, is die trustees dus verplig om ingevolge die bepalings van die trustakte op te tree.[102]

'n Potensiële probleem vir die oorblywende trustees waar 'n trustee bedank het, is dat die getal trustees moontlik onder die vereiste minimum gestel in die trustakte gedaal het. In so 'n geval het die trustees nie die kapasiteit om te handel nie en is enige handeling wat die oorblywende trustees verrig, nietig.[103]

Die Hoogste hof van Appèl het in die saak van *Landbank v Parker* by monde van Cameron AR die volgende hieroor te sê gehad:[104]

---

[98] Pace en Van der Westhuizen *Wills and Trusts* 52; Cameron *Honoré's South African Law of Trusts* 262; Honoré *Honoré's South African Law of Trusts* 214.

[99] Pace en Van der Westhuizen *Wills and Trusts* 52.

[100] Cameron *Honoré's South African Law of Trusts* 362.

[101] Pace en Van der Westhuizen *Wills and Trusts* 53.

[102] *Landbank v Parker* 83 G-I.

[103] *Landbank v Parker* 84 B.

[104] 84 B.

> It follows that a provision requiring that a specified minimum number of trustees must hold office is a capacity-defining condition. It lays down a prerequisite that must be fulfilled before the trust estate can be bound. When fewer trustees than the number specified are in office, the trust suffers from an incapacity that precludes action on its behalf.

In die praktyk kan hierdie situasie die bedankende trustee in 'n baie ongemaklike posisie plaas. Indien die bedankende trustee die Meester in kennis gestel het van sy bedanking en daar om verskeie praktiese redes nie 'n gewysigde magtigingsbrief uitgereik kan word nie, bly hy aanspreeklik as trustee. Die situasie kan onuithoudbaar wees aangesien die bedankende trustee uitgelewer word aan die optrede, of gebrek daaraan, van die oorblywende trustees, of omdat hy as't ware gyselaar gehou word omdat daar geen samewerking deur die oorblywende trustees is om 'n opvolger aan te stel nie. Dit is hier waar die Meester 'n bepalende rol kan speel deur sy verantwoordelikhede en magte as toesighouer oor trusts uit te oefen.[105]

Indien die afleiding dat die bedanking van 'n trustee eers van krag word nadat sy naam deur die Meester van die magtigingsbrief verwyder is, korrek is, behoort die oorblywende trustees nie 'n probleem met die minimum aantal trustees wat deur die trustakte vereis word , te ondervind nie. Die bedankende trustee is dus dan nog steeds in die amp totdat sy naam van die magtigingsbrief verwyder is. Dit is egter steeds belangrik om hieraan aandag te gee wanneer 'n trustee bedank of afsterf en sy naam reeds van die magtigingsbrief verwyder is. Nie-nakoming van die vereiste minimum soos gestel in die trustakte kan die trust verlam. Indien die voorstel oor die effektiewe datum van bedanking van 'n trustee korrek is,[106] gaan die trustees waarskynlik probleme ondervind met die algemene vereiste dat trustees altyd gesamentlik moet optree.

---

[105] Sien 3.4 hieronder vir praktiese voorstelle rakende die Meester se bevoegdhede.

[106] Die voorstel is dat 'n trustee se bedanking word eers van krag op die datum waarop sy naam deur die Meester van die magtigingsbrief verwyder word. Sien 2.8.

### *3.2 Algemene reël dat trustees altyd gesamentlik moet optree*

Indien die trustakte nie uitdruklik daarvoor voorsiening maak nie, is dit te betwyfel of enige wesenlike besluite deur trustees by wyse van 'n meerderheidsbesluit geneem kan word.[107] Hierdie punt is in verskeie sake bevestig, onder andere in *Coetzee v Peet Smith Trust en Andere.*[108]

Die feite van die saak is kortliks dat die applikant en die tweede, derde en vierde respondente trustees was van die Peet Smith Trust. Met 'n meerderheid van drie teen een het die trustees besluit dat hulle medetrustee, die applikant, afgedank word as werknemer van die trust. Die applikant het aansoek gedoen om 'n verklarende bevel dat die besluit nietig was. Die hof het beslis dat daar geen aanduiding in die testament waardeur die trust opgerig is, was wat van nut kon wees om te bepaal of besluite van trustees eenparig moes wees om geldig te wees nie. Die vraag moes dus aan die hand van die algemeen geldende reg beantwoord word.[109] Die hof het beslis dat trustgoed normaalweg aan die trustees in eiendomsreg oorgedra word.[110] Ná 'n ondersoek na die gemenereg, bevind die hof die mede-eienaars het gesamentlike eiendomsreg, gebruiksreg en beheerreg oor mede-eiendom. Dus moet beslissings gesamentlik en eenparig geneem word om geldig te wees.[111]Tensy die trustakte of testament bepalings wat die teendeel bewys, bevat, was daar regtens geen ander rede om 'n ander reël by trusts te volg nie. Gesamentlike eenparige optrede in die vervreemding, hantering en bestuur van die trustgoed was dus 'n voorvereiste.[112] Die hof beslis gevolglik dat die trustees van die trust die applikant slegs by wyse van eenparige

[107] Cameron *Honoré's South African Law of Trusts* 322.

[108] 2003 5 SA 674 (T). Hierna genoem "Coetzee v Peet Smith Trust"

[109] *Coetzee v Peet Smith Trust* 678 F-G.

[110] 678 H-I.

[111] 678 I - 679A.

[112] 679 A-D.

besluit geldiglik kon afdank en dat die besluit wat by wyse van meerderheidstem geneem is, nietig was.[113]

Die implikasie hiervan vir die trustees waar 'n trustee bedank het, maar sy naam nog nie van die magtigingsbrief verwyder is nie, is dat hulle nie wesenlike besluite ten opsigte van die trust sal kan neem sonder die bedankende trustee se samewerking nie. Dit is ten minste die geval waar die trustakte nie uitdruklik voorsiening maak vir meerderheidbesluite nie. Hierdie beginsel soos toegepas in die *Coetzee v Peet Smith Trust*-saak is deur die Hoogste hof van Appèl bevestig in die saak van *Nieuwoudt v Vrystaat Mielies (Edms) Bpk.*[114] Hier is weereens 'n onbevredigende situasie wat in die praktyk deur die aktiewe uitoefening van die magte en verantwoordelikhede van die Meester opgelos kan word.[115]

'n Verdere probleem is dat trustees oor die algemeen individueel ten volle vir mekaar se handelinge in die administrasie van die trust verantwoordelik is. In die saak van *Boyce NO v Bloem and Others*, het die hof die volgende oor die medeaanspreeklikheid van trustees gesê:[116]

> All these claims are made against the defendants jointly and severally, the one paying the other to be absolved, on the ground that trustees are liable severally and *in solidum* for loss arising out of negligence or breach of trust. This is clearly in accord with our law.

Die hof maak ook die volgende opmerking wat die aanspreeklikheid van trustees verder uitstippel:

> It is no excuse for a person who by virtue of his office is required to make inquiry, to allege ignorance (Schomaker, *Consultatien*, 2 c.58

[113] 681 A-B.

[114] *Nieuwoudt & Another NNO v Vrystaat Mielies (Edms) Bpk* 2004 (3) SA 486 (SCA) 494 (C-D). Hierna genoem "*Nieuwoudt v Vrystaat Mielies*".

[115] Sien die bespreking in 3.4.

[116] *Boyce v Bloem* 858.

> n. 217), and he who ought to know is just as much *in culpa* as he who knows, and he who neglects to know that which he ought to know is not to be excused (Schrassert, Consultatien, 1 c.21 n. 35 and 2c.77 n.36).

Die hof verwys ook met goedkeuring na die uitspraak in *Adam and Others v Dada and Others*[117] waar die volgende gesê is:[118]

> The trustees must be regarded as having acted together as one body during their common periods of office ... We see no reason why the general rule should not be applied that where one of two or more of the trustees allows trust funds to be under the sole control of the other or others, they are each and all liable jointly and severally, to make good to the trust estate the loss arising from any misapplication of trust moneys during their tenure in office ... A trustee who, not having resigned, left the performance of his duties in the hands of a partner or agent must of course be regarded as continuing to hold office and as liable for the acts of his representative.

Dit is duidelik uit hierdie opmerking van die hof dat waar 'n trustee in die voorbeeld hierbo bedank en hom onttrek van die administrasie van die trust, maar sy naam nog nie van die magtigingsbrief verwyder is nie, hy steeds aanspreeklik is vir enige skade wat die trust ly as gevolg van die nalatige optrede van sy medetrustees. Dit is egter nodig om te bepaal hoe hierdie beginsels in onlangse regspraak toegepas is.

*3.2.1 Landbank v Parker*

Een van waarskynlik die mees invloedryke uitsprake op die gebied van die trustreg is in 2005 deur die Hoogste hof van Appèl gelewer in die saak van *Landbank v Parker*. Die feite van die saak is kortliks as volg: Die Jacky Parker Trust ("die trust") is in 1992 opgerig met mnr en mev Parker ("die Parkers") en

---

[117] *Adam and Others v Dada and Others* 1912 NPD 495.

[118] *Adam v Dada* 503.

hulle prokureur as die eerste trustees. In 1996 het die prokureur bedank en die Parkers was die enigste trustees.

Die trustakte het bepaal dat daar ten alle tye ten minste drie trustees in die amp moet wees en dat indien die getal onder die vereiste minimum daal, die Parkers die bevoegdheid het om 'n derde trustee aan te stel. Die Parkers het vir twee jaar niks hieraan gedoen nie en eers in 1998 die Meester in kennis gestel dat die prokureur bedank het as trustee. Dit het egter nie die Parkers verhoed om, ten spyte van die feit dat daar net twee trustees in die amp was, verskeie leningsooreenkomste met die applikant te sluit in terme waarvan die trust as borg en medehoofskuldenaar verbind is nie. In 1998 het die Parkers uiteindelik hulle seun as derde trustee aangestel. Nadat dinge skeef geloop het vir die Parkers, is mnr Parker en die trust in 2000 gesekwestreer. Die trust het egter geappelleer teen die sekwestrasiebevel en die appèl is toegestaan. Die Landbank het toe weer teen die beslissing na die Hoogste hof van Appèl geappelleer. Cameron AR, het hom sterk uitgespreek oor verskeie aspekte van die trustreg.

- Die hof bevestig eerstens, soos hierbo bespreek, dat 'n subminimum van trustees die trust nie kan bind nie.[119] Die hof beslis dat dit nie tot gevolg het dat die trust nie meer bestaan of die trustees nie hulle verpligting hoef na te kom nie. Die trustees se verpligting om die doel van die trust te bevorder en te let op die bepalings van die trustakte gaan desondanks die gebrek aan 'n voldoende getal trustees voort.[120]
- Die hof bevestig die fundamentele beginsel van die Suid-Afrikaanse reg, soos uiteengesit deur die Hoogste hof van Appèl in *Nieuwoudt NO v Vrystaat Mielies (Edms) Bpk,*[121] dat trustees altyd, behalwe as die trustakte anders bepaal, gesamentlik moet optree vir die trust om aan die trustees se handelinge gebonde te wees.

---

[119] *Landbank v Parker* 84 B.

[120] 84 F-G.

[121] 85 A-C.

- Die hof lê sterk klem op die feit dat die gebruik en genieting van die trustbates geskei moet wees van die beheer oor die bates.[122] In hierdie geval was die trustees almal familielede en begunstigdes van die trust en merk die hof op dat die beheer oor die trust in die hande van die begunstigdes rus, wat in hulle hoedanigheid as trustees weinig of geen onafhanklike belang het om te verseker dat alle transaksies op 'n geldige manier uitgevoer word nie. Inteendeel, indien sake skeef loop, het hulle as begunstigdes meer as genoeg beweegrede om die trust se aanspreeklikheid te ontken.[123]
- Die hof beslis dat waar trustees van 'n familietrust, insluitend die oprigter, strydig met die bepalings van die trustakte optree, en hulle sonder die nodige magtiging kontrakte in die naam van die trust sluit, dit 'n bewys kan wees dat die trust net 'n skyn is, wat in belang van geregtigheid en die belange van die krediteure geïgnoreer kan word.[124] Die Bank het egter hierdie punt nie geneem nie.
- Die argument van die Parkers dat die ooreenkomste wat hulle in die naam van die trust gesluit het, nie geldig was nie omdat daar net twee trustees in die amp was, is aanvaar en die appèl moes van die hand gewys word.[125] Dit is egter ironies dat dieselfde argument uiteindelik teen hulle gedraai het. Nadat die sekwestrasiebevele teen mnr Parker en die trust toegestaan is, het mnr Parker steeds opgetree asof hy 'n trustee van die trust is. Hy het die petisie om verlof om appèl asook die aansoek om appèl gebring in sy hoedanigheid as trustee van die trust. Die trustakte het egter bepaal dat 'n trustee se trusteeskap outomaties beëindig word indien hy gesekwestreer word. Daar was dus van die datum wat die sekwestrasiebevele toegestaan is, slegs twee trustees in die amp. Geen van hierdie aksies deur die trust in die appèlprosedures was geldig nie en

[122] 87 C.

[123] 88 G-H.

[124] 90 B.

[125] 91 F.

die trust was nie geldiglik voor die hof nie.[126] Die appèl is van die hand gewys.

Van der Westhuizen maak die interessante stelling dat indien die hof in hierdie saak die siening gehuldig het dat, ter wille van regsekerheid, 'n trustee se bedanking eers van krag word wanneer sy of haar naam van die magtigingsbrief verwyder word, die uitslag van die saak anders kon gewees het.[127] Die hof het glad nie hieraan aandag geskenk nie en die punt is nie deur enige van die partye voor die hof geopper nie.

Dit blyk egter uit die feite dat die prokureur in 1996 bedank het en die Parkers vir twee jaar niks hieromtrent gedoen het nie. Hulle het die Meester eers in 1998 laat weet dat die prokureur bedank het en 'n derde trustee is eers later in 1998 aangestel. Hieruit kan afgelei word dat die magtigingsbrief nie gewysig is ná die prokureur se bedanking nie. Indien die voorstel hierbo dat die bedanking van 'n trustee eers van krag word nadat die naam van die magtigingsbrief verwyder is korrek is, was daar deurentyd drie trustees in die amp. Die gevolg hiervan is dat die handelinge van die trustees nie ongeldig was bloot omdat hulle minder as die voorgeskrewe aantal trustees was nie.

Dit is natuurlik 'n goeie vraag of die Parkers aan die tweede vereiste, naamlik dat die trustees gesamentlik moes optree, sou voldoen het. Soos reeds gestel, maak die trustakte voorsiening dat 'n meerderheid van trustees 'n kworum uitmaak en besluite kan neem. Die uitslag sou dus anders kon gewees het.

---

[126] 92 A-B.

[127] Pace en Van der Westhuizen *Wills and Trusts* 26.

Natuurlik was die *Soekoe*-saak waarin die hof die bogemelde beginsel rakende die effektiewe datum van 'n trustee se bedanking aanvaar het, nog nie beslis toe die Parker-saak in 2005 beslis is nie.[128]

### 3.2.2 *Thorpe v Trittenwein*

In die onlangs gerapporteerde saak van *Thorpe v Trittenwein*[129] het die reël dat trustees gesamentlik moet optree, weer ter sprake gekom. Die feite van die saak wat op hierdie bespreking betrekking het, is kortliks as volg: Mnr Thorpe ("Thorpe"), een van die trustees van die Brian Edward Thorpe Trust, ("die trust") het op 8 Desember 2000 'n geskrewe aanbod vir die koop van 'n onroerende eiendom in die naam van die trust onderteken.

Die eerste respondent het die aanbod op dieselfde dag aanvaar. Dit was gemeensaak dat Thorpe mondelings deur die ander trustees gemagtig was om die aanbod te maak. Ná verskeie gebeure en addendums tot die oorspronklike koopkontrak sowel as 'n kansellasie van die ooreenkoms, verkoop die eerste respondent die eiendom aan die tweede respondent. Die applikante doen toe aansoek om 'n verklarende bevel dat die koopooreenkoms gedateer 8 Desember 2000 geldig en afdwingbaar is en dat die hof moet gelas dat die eiendom in hulle name geregistreer moet word.

Die respondente het verskeie verwere geopper, maar die een wat vir die doeleindes van hierdie bespreking van belang is, is die verweer dat die koopooreenkoms nie aan die vereistes van artikel 2(1) van die *Wet op die Vervreemding van Grond*[130] voldoen het nie, en gevolglik ongeldig is. Die artikel bepaal dat enige vervreemding van grond ná die inwerkingtreding van die wet ongeldig sal wees, tensy dit in 'n akte van vervreemding vervat is en

[128] Sien bespreking in 2.3 hierbo.

[129] *Thorpe v Trittenwein* 2007 2 SA 172 (SCA).

[130] *Wet op die Vervreemding van Grond* 68 van 1981.

deur die partye daartoe, of deur hulle agente wat skriftelik deur hulle gemagtig is om namens hulle op te tree, onderteken is.

Die Hoogste hof van Appèl beslis dat die trustees van 'n trust gesamentlik moet optree tensy die trustakte 'n bepaling tot die teendeel bevat.[131] Die trustees kan iemand magtig om namens hulle op te tree en so 'n persoon kan een van die trustees wees.

Met verwysing na die woord "agent" in artikel 2(1) van die *Wet op die Vervreemding van Grond,* beslis die hof dat dit 'n trustee insluit wat in 'n sekere sin gesien kan word om as prinsipaal (synde die trust) te teken, maar wie se bevoegdheid om die trust te bind, afhanklik is van die magtiging deur sy medetrustees.[132] Die hof bevind dat die koopooreenkoms *ab initio* nietig is, aangesien Thorpe nie die skriftelike magtiging van sy medetrustees gehad het om namens die trust op te tree nie, en die ooreenkoms derhalwe nie aan die vereiste soos gestel in artikel 2(1) van die *Wet op die Vervreemding van Grond* voldoen het nie.

Die hof maak ook in die laaste paragraaf van die uitspraak die volgende opmerking:

> But the trust is typical of the modern business or family trust in which there is a blurring of the separation between ownership and enjoyment, a separation which is the very core of the idea of a trust. (See *Land and Agricultural Bank of SA v Parker*, supra, para 19 at 86 E.) Those who choose to conduct business through the medium of trusts of this nature do so no doubt to gain some advantage, whether it be in estate planning or otherwise. But they cannot enjoy the advantage of a trust when it suits them and cry foul when it does not. If the result is unfortunate, Thorpe has himself to blame.

---

[131] 176 I.

[132] 178 F.

Hierdie laaste opmerking van die Hoogste hof van Appèl blyk 'n bedekte waarskuwing aan trustees van familie en besigheidstrusts te wees dat die howe die reg konsekwent gaan toepas, en dat trustees nie genade moet verwag bloot omdat die tegniese toepassing van die reg 'n oënskynlik onbillike gevolg mag hê nie.

### *3.3 Meester se bevoegdhede in terme van die Wet*

Artikel 7 van die Wet bepaal as volg:

> 7(1) Indien die amp van trustee nie gevul kan word nie of vakant word, moet die Meester, by ontstentenis van enige voorsiening in die trustdokument, na oorlegpleging met soveel belanghebbendes as wat hy mag nodig ag, iemand as trustee aanstel.
>
> 7(2) Wanneer die Meester dit wenslik ag, kan hy, ondanks die bepalings van die trustdokument, iemand wat hy geskik ag as medetrustee van enige dienende trustee aanstel.

Die Wet het dus nou die Meester in plaas van die hof die instelling gemaak wat normaalweg trustees aanstel wanneer daar geen trustees is nie, om vakante ampte te vul en medetrustees aan te stel. Daar is dus voorsiening gemaak vir die spoedige vervanging van trustees wat die amp verlaat.[133] Die bevoegdheid val nou saam met die fundamentele beginsel van die Suid-Afrikaanse reg dat 'n trust nie sal faal weens die gebrek aan 'n trustee nie.[134] Dit is belangrik om daarop te let dat die Meester hierdie diskresie het ten spyte van wat die trustakte mag bepaal. In die *Landbank v Parker-saak* het die hof die volgende oor die uitoefening van hierdie diskresie deur die Meester gesê:[135]

---

[133] Cameron *Honoré's South African Law of Trusts* 136.

[134] *Holness v Pietermaritzburg CC* 1975 2 SA 713 (N) 719; *Coetzee NO v Universiteit Stellenbosch* 1959 2 SA 172 (C).

[135] *Landbank v Parker* 90A-B.

> The debasement of the trust form evidenced in this and other cases, and the consequent breaches of trust this entails, suggest that the Master should in carrying out his statutory functions ensure that an adequate separation of control from enjoyment is maintained in every trust. This can be achieved by insisting on the appointment of an independent outsider as trustee to every trust in which (a) the trustees are all beneficiaries and (b) the beneficiaries are all related to one another.

Dit is duidelik uit die aanhaling uit die uitspraak dat die hof van mening is dat die Meester sy diskresie meer aktief moet uitoefen by die aanstelling van trustees. In die praktyk weier sommige meesterskantore om magtigingsbriewe uit te reik indien dit uit die trustdokumentasie blyk dat die genomineerde trustees in die kategorie val soos deur die hof uitgespel. Indien die trustees van 'n trust dus lamgelê word deur die bedanking van 'n trustee, kan die trustees die Meester versoek om sy diskresie in terme van artikel 7 van die Wet uit te oefen en 'n ander trustee aan te stel. Die diskresie wat die Meester het om medetrustees aan te stel, kan ook handig te pas kom waar daar wrywing tussen die begunstigdes en die trustees ontstaan of begunstigdes vertroue in die trustees verloor het, maar verwydering van die trustees deur die hof nie geregverdig of wenslik is nie.[136]

Dit blyk duidelik uit die bespreking hierbo dat die Meester die magte en verpligting het om op te tree in sy toesighoudende hoedanigheid oor trusts. Daar is reeds verwys na verskeie komplikasies en risiko's verbonde aan die bedanking van trustees en die vertraging in die daaropvolgende wysiging van magtigingsbriewe.[137] Die afleiding kan gemaak word dat die Meester die toesighoudende rol wat hy het, baie meer aktief moet uitoefen. Dit gebeur te maklik in die praktyk dat 'n trustee wat bedank, uitgelewer is aan omstandighede buite sy beheer en dat hy hom dan in 'n uiters benarde posisie bevind. Dit is ook vir die publiek, wat onder andere begunstigdes van trusts, skuldeisers en persone wat met 'n trust wil kontrakteer insluit, baie moeilik om te bepaal of die

---

[136] Wunch 1988 *De Rebus* 550.

[137] Sien 2.3; 2.7; 2.8; 3.1; 3.2 en 3.3 hierbo.

magtigingsbrief wat in die samelewing beskikbaar is, die nuutste magtigingsbrief is wat deur die Meester uitgereik is.

In die lig van sy verantwoordelikheid kan die Meester nie spreekwoordelik die skouers optrek nie. Die Meester moet 'n daadwerklike poging aanwend om seker te maak dat die bestaan en administrasie van 'n trust nie bedreig word deur die sameloop van omstandighede nie.

In praktyk sou dit moeilik vir die Meester wees om sy verantwoordelikhede sinvol te kan uitoefen sonder 'n effektiewe gerekenariseerde registrasiestelsel. Baie van bogenoemde praktiese probleme kan opgelos word deur 'n toeganklike stelsel wat inligting wat op datum is, bevat.

'n Trustee kan dan byvoorbeeld sy bedanking op 'n voorgeskrewe vorm by die Meesterskantoor inhandig of dit elektronies indien, waar dit dadelik in die register opgeteken word. Die Meester kan direk daarna die magtigingsbrief terugtrek en 'n nota daaroor op die stelsel maak. Enige persoon wat 'n belang by die trust het of met die trust wil kontrakteer kan dan op die register sien dat die magtigingsbrief teruggetrek is. Indien die bedankende trustee se opvolger aangewys is, kan 'n nuwe magtigingsbrief dadelik uitgereik en die bygewerkte weergawe op die register geplaas word. Indien 'n opvolger nie aangestel word nie en die oorblywende trustees in getal, kundigheid en verwantskap aan mekaar aan al die vereistes voldoen, kan die Meester ook dadelik die nuwe magtigingsbrief uitreik. In gevalle waar daar weens verskeie faktore nie 'n plaasvervanger genomineer word nie, kan die Meester sy diskresie uitoefen en 'n trustee aanstel. Openbare toegang tot die stelsel staan natuurlik sentraal tot die sukses van so 'n stelsel. Dit wil voorkom of die Registrateur van Maatskappye dit reeds tot 'n groot mate reggekry het om so 'n stelsel te bedryf.[138]

---

[138] Eie opinie gebaseer op praktykservaring.

In die afwesigheid van 'n gevorderde stelsel soos voorgestel sal dit raadsaam vir die publiek wees om self by die Meester die nuutste magtigingsbrief aan te vra. Die praktiese implikasie hiervan is egter dat die Meester toestemming van die trustees vereis alvorens afskrifte van die trustdokumente beskikbaar gestel word. 'n Alternatief kan wees om die rekenkundige beampte van die trust te vra om te sertifiseer dat die magtigingsbrief ter sake wel die nuutste beskikbare magtigingsbrief is. Dit is egter ook nie onfeilbaar nie.

## 4 Effek van die bedanking van 'n trustee op derde partye wat met die trust kontrakteer waar 'n nuwe magtigingsbrief nog nie uitgereik is nie

Die effek van die bedanking van 'n trustee op derde partye wat met die trust kontrakteer word bespreek aan die hand van 'n ondersoek na wetgewing, die gemeenregtelike posisie, die moontlike toepassing van die *Turquandreël* en onlangse regspraak.

### *4.1 Wetgewing*

Artikel 18 van die Wet bepaal dat die Meester op grond van 'n geskrewe versoek en onderhewig aan die ontvangs van 'n voorgeskrewe fooi, gesertifiseerde afskrifte van enige dokument in sy beheer wat op trusteiendom betrekking het, aan 'n trustee, iemand wat vir die trust borg staan, die verteenwoordiger van 'n trustee, of enige persoon wat in die opinie van die Meester 'n voldoende belang in die dokument het, beskikbaar moet stel. Begunstigdes, potensiële begunstigdes en krediteure van die trust sal dus altyd geregtig wees op toegang tot die trustdokumente.[139] Daar word voorgestel dat voornemende kontrakpartye ook geregtig moet wees op afskrifte van trustdokumentasie. In terme van die

[139] Cameron *Honoré's South African Law of Trusts* 267.

huidige bewoording van artikel 18, sal die voornemende kontrakparty die Meester moet oortuig dat hy voldoende belang in die dokument wat aangevra word, het. In die lig van die onlangse uitsprake deur ons howe glo ek nie die Meester kan 'n kontrakparty toegang tot die trustakte en magtigingsbrief weier nie.[140]

### *4.2 Gemeenregtelike posisie*

Soos blyk uit die bespreking hierbo,[141] is kontrakte wat met derde partye aangegaan is, telkens ongeldig omdat die trustees nie die bepalings van die trustakte in gedagte gehou het toe hulle die trust tot hierdie ooreenkomste verbind het nie. Dit is duidelik dat derde partye wat met 'n trust kontrakteer die risiko loop dat die ooreenkoms wat hulle meen bindend is, ongeldig kan wees, omdat daar nie aan die bepalings van die trustakte voldoen is nie. Die effek van die bedanking van 'n trustee op hierdie risiko vir derde partye in die geval waar 'n nuwe magtigingsbrief nog nie uitgereik is nie, word hier bespreek. Die vrae wat gevra kan word, is: Op wie rus die onus om te bepaal wie nou eintlik op datum van kontraksluiting die trustees is; en Is die voorskrifte van die trustakte deur die trustees nagekom?

'n Derde party wat met trustees te doen het, moet aanneem dat kontraktuele bevoegdhede deur al die trustees gesamentlik uitgeoefen moet, word tensy die trustakte spesifiek optrede deur 'n minderheid magtig.[142] Dit wil egter voorkom of die nie-openbare aard van trustdokumente dit baie moeilik vir 'n kontrakparty met 'n trust maak om homself aan die hand van die bepalings van die betrokke

---

[140] *Landbank v Parker; Standard Bank of South Africa Ltd v Koekemoer and Others* 2004 6 SA 498 (SCA).

[141] Sien 3.2.

[142] Cameron *Honoré's South African Law of Trusts* 324.

dokumente te vergewis van die bevoegdheid van 'n mindere aantal trustees om namens die trust te kontrakteer.[143] Sodanige buite persoon kan hom beroep op estoppel teen 'n trustee wat nie party tot die kontrak was nie, indien die trustee by wyse van sy optrede die indruk geskep het dat die oorblywende trustees gemagtig was om op hul eie op te tree, en die buite persoon tot sy nadeel opgetree het op sterkte van die indruk wat geskep is.[144]

Die buite persoon kan hom nie op estoppel beroep indien hy feitelike of konstruktiewe kennis van die inhoud van die trustakte gehad het, en die trustakte nie die trustees wat opgetree het, magtig om sonder hulle medetrustees op te tree nie.[145] *Cameron* voer aan dat die siening met betrekking tot die omvang van die magtiging wat die trustees uit hoofde van die trustakte het, 'n saak van interne bestuur is waaroor buitestanders hulle nie hoef te bekommer nie, strydig is met sowel die algemene beginsel van ons reg as die gesag op hierdie punt.[146] Die nie-publieke aard van trustdokumente waarborg nie dat kontrakpartye met trusts daadwerklike kennis dra van die reëlmatige nakoming van alle interne verrigtinge van die trustees nie.[147]

Wat die gemenereg betref, bly dit vir die buitestander wat met 'n trust kontrakteer 'n riskante posisie. Daar het reeds verskeie stemme opgegaan dat die algemene publiek beter beskerm moet word in die vorm van byvoorbeeld wetgewing wat trustees verplig om volledige finansiële state op te stel en hulle name op briefhoofde en ander dokumente van die trust te druk.[148] Daar is ook al voorgestel dat trusts se name in 'n sentrale register aangeteken word soortgelyk

---

[143] Pace en Van der Westhuizen *Wills and Trusts* 14.

[144] Cameron *Honoré's South African Law of Trusts* 324.

[145] *Bank of Africa v Adam* 1913 NPD 96 101 103.

[146] Cameron *Honoré's South African Law of Trusts* 325.

[147] Pace en Van der Westhuizen *Wills and Trusts* 14.

[148] Pace en Van der Westhuizen *Wills and Trusts* 13.

aan die prosedure vir maatskappye.[149] In die geval waar 'n trustee bedank het, maar sy naam nog nie van die magtigingsbrief verwyder is nie, is dit feitlik onmoontlik vir 'n buitestander om op sterkte van die trustdokumentasie vas te stel wie die huidige trustees is.[150] Dit is een van die redes waarom die submissie hierbo gemaak is[151] dat die effektiewe datum van bedanking die datum moet wees waarop die gewysigde magtigingsbrief deur die Meester uitgereik word. Dit bevorder regsekerheid en plaas buitestanders wat met die trust wil kontrakteer in 'n veiliger posisie.

Die moontlike toepassing van die *Turquand*-reël op trusts in die Suid-Afrikaanse reg het onlangs in howe ter sprake gekom. Du Toit voer aan dat 'n beroep op die leerstuk van estoppel, as alternatief tot die *Turquand*-reël, net sal slaag indien bewys kan word dat die trust deur sy trustees op opsetlike of nalatige wyse die indruk geskep het dat die kontrakterende trustees by magte was om die betrokke kontrak te sluit.[152] In die afwesigheid van sodanige skynverwekking sal 'n beroep op estoppel onsuksesvol wees. Daar word allerweë aanvaar dat die blote feit dat 'n trustdokument byvoorbeeld meld dat 'n mindere aantal trustees namens die trust kan kontrakteer, indien aan sekere interne verrigtinge voldoen is, nie die trust, vir die doeleindes van 'n beroep op die leerstuk van estoppel, skuldig maak aan die skynverwekking dat die interne verrigtinge wel nagekom is nie.[153] Die posisie van die buitestander wat met die trust kontrakteer is onseker indien hy in sekere omstandighede 'n kontrak wil afdwing en slegs die normale gemeenregtelike remedies tot sy beskikking het.

---

[149] Wunch 1988 *De Rebus* 552.

[150] Sien die voorstelle in 2.8 en 3.3.

[151] Sien 2.8.

[152] Du Toit "Die aanwending van die Turquand-reël in die Suid-Afrikaanse Trustreg" 2004 *TSAR* 160.

[153] Du Toit 2004 *TSAR* 160.

Daar moet bepaal word wat die moontlike toepassing van die *Turquand*-reël op trusts en die uitwerking daarvan op buitestanders wat met 'n trust kontrakteer is.[154]

## *4.3 Moontlike toepassing van die* Turquand*-reël*

In terme van die leerstuk van konstruktiewe kennis word aanvaar dat elkeen wat met 'n maatskappy te doen het, ten volle bekend is met die inhoud van die maatskappy se openbare dokumente.[155] Ten einde die verpligting op 'n derde party om kennis van die inhoud van die openbare dokumente te bekom binne redelike perke te hou, en om dit te beperk tot aangeleenthede wat openbaar gemaak is, het die hof in *Royal British Bank v Turquand*[156] 'n reël geformuleer wat bekend geword het as die *Turquand*-reël. In terme van die reël is elke buitestander wat in goeie trou met die verteenwoordiger van 'n maatskappy kontrakteer, daarop geregtig om te aanvaar dat die interne vereistes en prosedures wat die verteenwoordiger in staat stel om namens die maatskappy op te tree, nagekom is. Die maatskappy sal gevolglik gebonde wees aan die kontrak, selfs al is al die interne vereistes en prosedures moontlik nie nagekom nie.[157] Die *Turquand*-reël is as deel van die Suid-Afrikaanse maatkappyereg aanvaar in *Legg & Co v Premier Tobacco Co.*[158]

---

[154] Daar kan vanweë die omvang van die skripsie nie in diepte op die ontstaan en aanvaarding van die *Turquand*-reël in die Suid-Afrikaanse reg ingegaan word nie. Die klem sal op die moontlike toepassing daarvan op die trust gelê word.

[155] Beukes 'Does the Turquand rule apply to internal requirements in a trust deed?' 2004 *South African Mercantile Law Journal* 264.

[156] *Royal British Bank v Turquand* (1856) 6E & B 327,119 ER 886.

[157] Beukes 2004 *South African Mercantile Law Journal* 264.

[158] *Legg & Co v Premier Tobacco Co* 1926 AD 132.

Die eerste saak waarin die *Turquand*-reël die Suid-Afrikaanse howe op 'n trust toegepas is, was in die saak van *Man Truck & Bus (SA) Ltd v Victor & Andere.*[159] Die feite van die saak is kortliks as volg: Victor ("V") het in sy hoedanigheid as trustee van die SO Trust 'n borgakte onderteken in terme waarvan die SO Trust borg staan vir die verpligtinge van die C Trust teenoor die eiser. Die eiser dwing sy vordering teen V af in sy hoedanigheid as trustee van die SO Trust (as borg) vir 'n bedrag van R1,2 miljoen wat die C Trust aan die eiser verskuldig is. V opper twee verwere wat vir doeleindes van hierdie bespreking belangrik is.

Eerstens word aangevoer dat V die borgakte sonder die kennis en toestemming van sy medetrustee, B, onderteken het. Tweedens beweer hy dat die verlening van sekuriteit nie een van die doelstellings van die SO Trust ingevolge die bepalings van die trustakte van die SO Trust is nie.

Die eerste verweer berus bloot daarop dat V nie sonder die goedkeuring van die raad van trustees, as interne voorvereiste vir kontraksluiting deur die uitvoerende trustee, by magte was om die trust as borg te kon verbind nie. Namens die eiser word aangevoer dat die verweer deur die *Turquand*-reël getref word. Wat die tweede verweer betref, beslis die hof dat, indien die borgstelling inderdaad strydig met die uitdruklike bepalings van die trustakte verskaf is, die *Turquand*-reël nie van toepassing kan wees nie.[160] Die hof bevind egter dat die trustakte van die SO Trust nie uitdruklik die verskaffing van borg verbied nie en dat die aanwending van die *Turquand*-reël nie uitgesluit is nie.[161]

---

[159] *Man Truck & Bus (SA) Ltd. v Victor & Andere* 2001 2 SA 562 (NC).

[160] 572 H.

[161] 573 H-I.

Die hof bevind verder dat die toepassing van die *Turquand*-reël wel uitgebrei kan word om ook op die trust van toepassing te wees.[162] Die hof beslis dat V as uitvoerende trustee van die SO Trust in dieselfde posisie as 'n besturende direkteur van 'n maatskappy was.[163] Dit volg dat die *Turquand*-reël die SO Trust belet om B se gebrek aan toestemming tot verskaffing van die borgakte voor te hou ten einde kontraktuele gebondenheid teenoor die eiser te ontkom, op soortgelyke wyse as wat 'n maatskappy nie kontraktuele aanspreeklikheid kan ontkom op grond van gebrekkige magtiging wat tot kontraksluiting aan sy besturende direkteur verleen is nie.[164] Die hof beslis dat die eerste verweer deur die *Turquand*-reël lamgelê word.[165]

Dit dien vermeld te word dat die hof geen regsgronde hoegenaamd vir die uitbreiding van die *Turquand*-reël tot die trustreg aangevoer het nie. Die uitspraak het dan ook kritiek vanuit verskeie oorde ontlok. Die eerste punt van kritiek is dat 'n trust nie 'n regspersoon is en regspersoonlikheid het soos 'n maatskappy nie. Derhalwe is dit nie moontlik vir die trustees om as "verteenwoordigers" van die trust op te tree nie.[166] Hierdie siening word ook deur ander skrywers ondersteun.[167] Die standpunt dat die *Turquand*-reël nie op trusts toegepas kan word omdat 'n trust nie 'n regspersoon is nie, is nie voor die hof geargumenteer nie. Cameron voer ook aan dat die hof hier die beginsels van die maatskappyereg in die trustreg geïnkorporeer het, sonder enige verwysing of ontleding van die beginsels van die trustreg of die gesag in die verband.[168] Du

---

[162] 569 G-I.

[163] 570 F.

[164] 572 E-F.

[165] 574 F.

[166] Pace en Van der Westhuizen *Wills and Trusts* 13.

[167] Du Toit 2004 *TSAR* 154.

[168] Cameron *Honoré's South African Law of Trusts* 324.

Toit voer aan dat die beginsels waarna Cameron verwys, die aanvaarde beginsel in die Suid-Afrikaanse reg insluit dat trustees altyd gesamentlik moet optree.[169]

Die toepassing van die *Turquand*-reël op trusts het 'n paar jaar ná die uitspraak in die *Man Truck & Bus-saak* weer ter sprake gekom in *Vrystaat Mielies (Edms) Bpk v Nieuwoudt & 'n Ander NNO.*[170] Die feite van die saak is kortliks soos volg: In 2001 het C & W Landboudienste BK ("die BK") 'n ooreenkoms met Nieuwoudt in sy hoedanigheid as trustee van die JJ Boerdery Trust ("die Trust") gesluit vir die lewering van mielies in Junie/Julie 2002. In Januarie 2002 is die regte van die BK in terme van die bogemelde ooreenkoms gesedeer aan Vrystaat Mielies (Edms) Bpk ("die maatskappy"). Toe die maatskappy 'n skrywe aan Nieuwoudt rig waarin hy versoek word om te bevestig dat hy die ooreenkoms sal eerbiedig, het sy prokureurs laat weet dat die ooreenkoms ongeldig is. Die maatskappy het aansoek gedoen om 'n bevel dat die kontrak geldig en afdwingbaar is.

Nieuwoudt het as rede vir die nietigheid van die kontrak aangevoer dat hy nie die bevoegdheid gehad het om die trust kontraktueel te verbind nie. Die argument is gebaseer op klousule 8.2 van die trustakte wat bepaal dat waar daar slegs twee trustees in die amp is (soos wat hierdie geval was), alle besluite deur die trustees eenparig moes wees. Hy het nie die goedkeuring van die ander trustee, sy gade, gehad nie.

Die maatskappy het drie verwere geopper wat vir hierdie bespreking van belang is. Die eerste is dat die verteenwoordiger van die BK wat die kontrak met Nieuwoudt gesluit het, nooit deur Nieuwoudt of die ander trustee ingelig is dat daar twee trustees is en dat albei die kontrak moet teken nie. Tweedens het die maatskappy aangevoer dat die feit dat net een trustee die kontrak geteken het,

[169] Du Toit 2004 *TSAR* 156.

[170] *Vrystaat Mielies (Edms) Bpk v Nieuwoudt & 'n Ander NNO* 2003 2 SA 262 (O).

nie tot gevolg het dat die kontrak ongeldig is nie, omdat die trustakte bepaal dat die trustees enigeen van hulle kan magtig om dokumente namens die trustees te onderteken. Laastens het die maatskappy op die *Turquand*-reël gesteun en aangevoer dat, selfs al sou dit van die maatskappy verwag word, die maatskappy nie in 'n posisie was om vas te stel of die interne vereistes deur die trustees nagekom is nie. Die maatskappy het as gesag op die punt gesteun op die uitspraak in die *Man Truck & Bus-saak*, soos hierbo bespreek.

Die hof *a quo* bevind, wat die trust se eerste verweer betref, dat die inligting vervat in die trustakte beskikbaar is vir die publiek en dat die leerstuk van toegerekende kennis van toepassing is op trustaktes.[171] Wat die tweede verweer betref, bepaal die hof dat die klousule wat aan die trustees die bevoegdheid gee om aan een van hulle magtiging te verleen om dokumente namens die trustees te onderteken, die grondslag vir die toepassing van die *Turquand*-reël is.[172] Die hof gee die maatskappy gelyk op die derde verweer en beslis dat die *Turquand*-reël van toepassing is op die interne vereistes gestel in 'n trustakte.[173] Die kontrak is gevolglik geldig en afdwingbaar.

Nieuwoudt het na die Hoogste hof van Appèl geappelleer en die Hoogste hof van Appèl beslis[174] dat die betrokke klousule in die trustakte wat bepaal dat die trustees een van hulle kan magtig om trustdokumente namens die trustees te onderteken, net betrekking het op die ondertekening van dokumente vir amptelike doeleindes. Dit het dus nie betrekking op die kontrak wat die applikant onderteken het nie. Gevolglik is daar geen vraag na die nakoming van interne formaliteite waarop die *Turquand*-reël van toepassing is, ter sprake nie.[175] Dit

---

[171] *Vrystaat Mielies v Nieuwoudt* 267 C.

[172] 266 J - 267 A.

[173] 268 A-D.

[174] *Nieuwoudt & Another NNO v Vrystaat Mielies (Edms) Bpk* 2004 3 SA 486 (SCA).

[175] 492 D-F.

was op grond van die korrekte interpretasie van die betrokke klousule nie nodig om te oorweeg of die *Turquand*-reël van toepassing is op die feite van die spesifieke geval nie.[176] Die appèl word toegestaan en die saak word terugverwys vir verhoor soos ooreengekom tussen die partye.[177]

Dit dien vermeld te word dat die Hoogste hof van Appèl hom nie uitgespreek het oor die toepaslikheid van die *Turquand*-reël nie. Weens die gevolgtrekking van die hof dat die hof *a quo* se interpretasie van die tersaaklike klousule in die trustakte verkeerd was, en die klousule nie die grondslag lê vir die toepassing van die *Turquand*-reël nie, het die hof nie nodig gehad om oor die toepaslikheid van die *Turquand*-reël op die gebied van die trustreg te beslis nie. Die hof se uitspraak het ook kritiek ontlok in die opsig dat sommige skrywers meen dat die hof se interpretasie van die betrokke klousule van die trustakte foutief was.[178]

Op sterkte van die beslissings in die *Man Bus & Truck-saak* en die beslissing van die hof *a quo* in hierdie saak, kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die *Turquand*-reël wel van toepassing gemaak kan word op trusts.

### *4.4 Ander aspekte*

In *Standard Bank of South Africa Ltd v Koekemoer and Others*[179] het die geldigheid van 'n kontrak wat onderteken is deur die trustees van 'n trust weer ter sprake gekom. Die feite is kortliks dat die trust geld by die applikant geleen het en dit versekureer het met 'n verband oor die trust se eiendom. Die trustees het 'n daaropvolgende lening aan een van die trustees toegestaan welke fondse die trustee aangewend het om sy private besigheidsbelange te bevorder. Die trustee

---

176 492 G.

177 492 J.

178 Beukes 269.

179 2004 6 SA 498 (SCA) – hierna "*Standard Bank v Koekemoer*".

was nie 'n begunstigde van die trust nie. Die applikant het in die hof *a quo* aksie ingestel vir die terugbetaling van die lenings plus rente. Die respondente het aanspreeklikheid ontken en aangevoer dat hulle as trustees die ooreenkomste aangegaan het onder die *bona fide,* maar verkeerde, indruk dat hulle die geld wat hulle ontvang het aan die betrokke trustee kon leen. Die betrokke trustee was nie 'n begunstigde van die trust nie en die lening aan 'n persoon wat nie 'n begunstigde van die trust is nie, was nie toelaatbaar in terme van die trustakte nie.

Die verweer was dat die leningsooreenkomste *ultra vires* was en dus nie afdwingbaar nie. Die hof *a quo* het die verweer aanvaar en die eis van die hand gewys. Die bank het teen die beslissing geappelleer en die Hoogste hof van Appèl het die volgende opmerkings in die uitspraak gemaak:[180]

> Part of the bank's business is to lend money to clients, and what would have been of interest to it is whether the trustees had the authority to borrow money and to encumber trust property in the process. If satisfied on that score, the bank was under no obligation to protect the beneficiaries.

Die hof het dus die verpligting wat daar op 'n derde party w at met 'n trust kontrakteer rus om die magtiging van die trustees ten opsigte van die betrokke transaksie na te gaan, bevestig. Die hof het egter beslis dat daar nie 'n verpligting op die bank was om ook seker te maak dat die trustees die verdere lening na iemand anders kon aangaan nie. Die appèl is toegestaan.

In die *Landbank v Parker*-saak het die hof die bevinding in die *Standard Bank v Koekemoer*-saak rakende die verpligting wat op die buitestander wat met 'n trust kontrakteer rus, naamlik om seker te maak dat die trustees gemagtig is om die

---

[180] *Standard Bank v Koekemoer* 503 D – 504 A.

transaksie aan te gaan, bevestig.[181] Die hof het met verwysing na die bank se argument dat die trustees se verweer deur die *Turquand*-reël getref word, gesê dat die Hoogste hof van Appèl die vraag of die *Turquand*-reël op trusts van toepassing is in die *Nieuwoudt* & Another NNO *v Vrystaat Mielies*-saak oopgelaat het. Die hof maak egter *obiter* die opmerking dat die *Turquand*-reël wel in geskikte omstandighede 'n nuttige rol kan speel om die posisie van buitestanders wat in goeie trou met die trust kontrakteer, te beskerm.[182]

Dit blyk dus uit hierdie betreklik onlangse uitsprake deur die Hoogste hof van Appèl dat die buitestander wat met 'n trust kontrakteer versigtig moet wees, aangesien daar van hom verwag word om die trustakte en die magtiging van die trustees na te gaan alvorens 'n kontrak gesluit word. Dit blyk egter dat daar wel ruimte vir die toepassing van die *Turquand*-reël op trusts in gepaste omstandighede bestaan. By gebrek aan 'n duidelike toepassing van die *Turquand*-reël op trusts deur die Hoogste hof van Appèl, kan afgelei word dat buitestanders wat met trusts kontrakteer steeds die nodige sorg aan die dag moet lê om vas te stel of die trustees gemagtig is om die ooreenkoms aan te gaan.

## 5 Samevatting en gevolgtrekking

Die oogmerk van hierdie skripsie is om duidelikheid te verkry oor die heersende regsposisie en toepaslike regsbeginsels ten opsigte van die onderstaande vraag: Op watter stadium word 'n trustee se bedanking van krag en wat is die uitwerking van sy bedanking op sy aanspreeklikheid as trustee, die handelingsbevoegdheid van medetrustees, die geldigheid van trusteebesluite, en hoe affekteer dit derde partye wat met die trust kontrakteer?

[181] *Landbank v Parker* 32.

[182] *Landbank v Parker* 18.

Daar is aangetoon dat daar steeds 'n mate van onsekerheid oor die effektiewe datum van die bedanking van 'n trustee bestaan.[183] Daar is min gesag op hierdie punt. Buiten een uitspraak deur die Vrystaatse Afdeling van die Hooggeregshof moes daar afleidings uit die toepassing van die reg deur die howe op ander gebiede van die trustreg gemaak en na die menings van skrywers verwys word. Die We t self verskaf nie 'n klinkklare antwoord nie. Die uitwerking van die bedanking deur 'n trustee op die oorblywende trustees en derde partye wat met die trust kontrakteer is uitgestippel.[184] Alhoewel die toepassing van die *Turquand*-reël op trusts nog nie formeel deur die Suid-Afrikaanse howe goedgekeur is nie, blyk dit dat dit tog moontlik die risiko van derde partye kan verminder[185].

**Die volgende bevindings kan gemaak word:**

Daar is steeds onsekerheid oor die effektiewe datum van die bedanking deur 'n trustee en die Wet verskaf geen antwoord nie.[186]

Indien 'n trustee bedank het en sy magtiging nog nie deur die Meester ingetrek is nie, moet daar gelet word op die bepalings van die trustakte. Die algemene reël is dat trustees gesamentlik moet optree. Indien die trustakte nie uitdruklik 'n mindere getal trustees magtig om op te tree nie, is enige handelinge wat hulle sonder die medewete en instemming van die bedankende trustee verrig, ongeldig.[187]

---

[183] Sien 2.3 en 2.8 hierbo.

[184] Sien 3.2 en 4 in die verband.

[185] Sien 4.3 hierbo.

[186] Sien 2.2 en 2.8.

[187] Sien 3.2.

Indien die regsposisie sou wees dat 'n trustee se bedanking onmiddellik van krag word, is die gevaar dat die oorblywende trustees minder as die subminimum voorgeskryf in die trustakte is. In hierdie geval is die trustees ook nie by magte om op te tree nie. Dit is dus van kardinale belang vir die trustees en die buitestander wat met die trust kontrakteer om sekerheid te hê oor wat die posisie van die bedankende trustee is.

Die onus rus op die buitestander wat met die trust kontrakteer om vas te stel of die trustees gemagtig is om op te tree.[188] Indien die derde party hom nie hiervan vergewis nie, kan die ooreenkoms met die trust ongeldig wees. Dit blyk dat die trustreg besig is om so te ontwikkel dat die *Turquand*-reël wel op trusts toegepas kan word.[189] Daar is egter nog nie 'n uitspraak waarin die Hoogste hof van Appèl eksplisiet die toepassing van die *Turquand*-reël op trusts toegepas of goedgekeur het nie. Die toepassing van die *Turquand*-reël op trusts is egter nie 'n towerformule wat buitestanders wat met die trust kontrakteer, kwytskeld van enige verpligting om vas te stel of die trustees gemagtig is om die transaksie aan te gaan nie. Harms AR het in sy afsonderlike uitspraak in *Nieuwoudt v Vrystaat Mielies* die volgende hieroor gesê:

> What does need to be emphasised is that even if the Turquand rule is extended to business trusts, and even if a trust deed were to approve that the trustees could delegate their powers to one of their number, the Turquand rule would without more be of no assistance to third parties. This is because a third party would not be entitled to assume, merely from the fact that one trustee can be authorised to exercise the powers of all of them, that such authorisation has in fact been given.

188 Sien 4.4.

189 Sien 4.3.

**Die volgende aanbevelings kan gemaak word:**

Dit is nodig dat die wetgewer of die Hoogste hof van Appèl, ter wille van regsekerheid en ter wille van die praktiese riglyne vir die duisende trustees wat hulle fidusiêre verantwoordelikhede nougeset wil nakom, uitsluitsel gee oor watter van die bogemelde drie posisies die korrekte is.[190] Totdat dit egter gebeur, word voorgestel dat die volgende benadering die verantwoordelikste is: 'n Trustee se bedanking word eers van krag op die datum waarop sy naam deur die Meester van die magtigingsbrief verwyder word. Die inherente onbillikheid teenoor 'n trustee,[191] moet ondergeskik gestel word aan die belange van die publiek wat 'n belang het by die trust, byvoorbeeld begunstigdes, skuldeisers en persone wat met die trustees kontrakteer.

Totdat die wetgewer of die Hoogste hof van Appèl uitsluitsel oor hierdie aspekte gee, rus daar egter nog steeds 'n verantwoordelikheid op die Meester. Dit blyk duidelik uit die bespreking hierbo dat die Meester die magte en verpligting het om op te tree in sy toesighoudende hoedanigheid oor trusts.[192]

Daar word voorgestel dat die Meester 'n daadwerklike poging moet aanwend om seker te maak dat die bestaan en administrasie van 'n trust nie bedreig word deur die sameloop van omstandighede nie. In die verband kan die volgende praktiese voorstelle gemaak word:[193]

- Die Meester kan nie sy verantwoordelikhede sinvol uitoefen sonder 'n effektiewe gerekenariseerde registrasiestelsel nie.

---

[190] Sien 2.9 in die verband.

[191] Sien 2.8.

[192] Sien 2.7 en 3.3.

[193] Sien 3.3.

- 'n Nasionale stelsel wat vir die publiek toeganklik is en waarop inligting daagliks bygewerk word, moet geskep word.
- Die Meester moet sy diskresie op 'n meer pragmatiese wyse uitoefen om praktiese probleme op te los.

In die afwesigheid van so 'n stelsel is dit raadsaam vir die publiek om self die nuutste magtigingsbrief by die Meester aan te vra. Daar kan volstaan word met die volgende opmerking van Harms AR in sy afsonderlike uitspraak in *Nieuwoudt v Vrystaat Mielies*:[194]

> This case should consequently serve as a warning to everyone who deals with a trust to be careful.

[194] *Nieuwoudt v Vrystaat Mielies* 495 A.

## Bibliografie

Cameron E ea *Honoré's Souh African Law of Trusts* 5de uitgawe (Lansdowne Juta 2002).

Coetzee JP *'n Kritiese ondersoek na die aard en inhoud van trustbegunstigdes se regte ingevolge die Suid- Afrikaanse reg* (UNISA LLD-proefskrif 2006).

Geach WD *Handbook for Executors, Trustees and Curators* (Landsdowne uta,1993).

Honoré AM *Honoré's South African Law of Trusts* 4de uitgawe (Kenwyn Juta 1992).

Meyerowitz D *Meyerowitz on Administration of Estates and Estate Duty* (Kaapstad The Taxpayer CC 2007).

Pace RP en Van der Westhuizen WM *Wills and Trusts* (Durban Butterworths 2007).

### *Artikels*

Beukes HGJ 'Does the Turquand rule apply to internal requirements in a trust deed?' 2004 *South African Mercantile Law Journal* 264-270.

Coetzee JP 'Die regte van trustbegunstigdes – 'n Nuwe wind wat waai' Mei 2007 *De Rebus* 24-29.

De Waal MJ 'Authorisation of trustees in terms of the Trust Property Control Act' 2000 *THRHR* 472-478.

Du Toit F 'Die Aanwending van die Turquand-Reël in die Suid-Afrikaanse Trustreg' 2004 *TSAR* 149-161.

Wunch B '"The Trust Property Control Act' Augustus 1988 *De Rebus* 547-556.

### *Hofsake*

*Adam and Others v Dada and Others* 1912 NPD 495.

*Badenhorst v Badenhorst* 2006 2 SA 255 (HHA).

*Bank of Africa v Adam* 1913 NPD 96.

*Boyce NO v Bloem* 1960 3 SA 855 (T) 859.

*Coetzee v Peet Smith Trust en Andere* 2003 5 SA 674 (T).

*Coetzee NO v Universiteit Stellenbosch* 1959 2 SA 172 (C).

*Ex Parte Moodley and Another* 1968 4 SA 622 (D).

*Ex parte Rose-Innes* 1937 TPD 359 361.
*Holness v Pietermaritzburg* CC 1975 2 SA 713 (N).
*Jordaan v Jordaan* 2001 3 SA 288 (C).
*Kriel v Terblanche NO en Andere* 2002 6 SA 132 (NC).
*Kropman v Nysschen* 1999 2 SA 567 (T).
*Land and Agricultural Bank of South Africa v Parker* 2005 2 SA 77 (SCA).
*Legg & Co v Premier Tobacco Co* 1926 AD 132.
*Man Truck & Bus (SA) Ltd v Victor & Andere* 2001 2 SA 562 (NC).
*Nieuwoudt & Another NNO v Vrystaat Mielies (Edms) Bpk* 2004 3 SA 486 (SCA).
*Royal British Bank v Turquand* (1856) 6E & B 327,119 ER 886.
*Simplex (Pty) Ltd v Van der Merwe and Others NNO* 1996 1 SA 111 (W).
*Standard Bank of South Africa Ltd v Koekemoer and Others* 2004 6 SA 498 (SCA).
*Soekoe NO and Others v Werner le Roux* Saak Nr: 898/2007 (O).
*Thorpe v Trittenwein* 2007 2 SA 172 (SCA).
*Van der Merwe v Van der Merwe* 2000 2 SA 519 (C).
*Vrystaat Mielies (Edms) Bpk v Nieuwoudt & 'n Ander NNO* 2003 2 SA 262 (O).
*Watt v Sea Plant Products Bpk and Others*1998 4 All SA 109 (C).

***Wetgewing***

*Wet op die Beheer oor Trustgoed* 57 van 1988.
*Boedelwet* 66 van 1995.
*Wet op die Vervreemding van Grond* 68 van 1981.